# Onderwysersgids:

*Mosela en die Drie Koninkryke* - Luke Calder




Hierdie Onderwysersgids is saamgestel deur Zoë Calder volgens KABV riglyne en kan in die graad 6 of 7 Afrikaans Huistaalklas of in die graad 8 of 9 Afrikaans Eerste Addisionele Taal-klas gebruik word.

# Inhoudsopgawe

Afdeling A: Pre-lees ..... 4
**Inleiding** ..... 4
**Kort biografie van die outeur:** ..... 4
**Intrige** ..... 5
**Letterkundige tegnieke in Mosela en die Drie Koninkryke** ..... 7
Vertellersperspektief ..... 7
Kaart van Rodentia ..... 8
Konflik ..... 9
Milleu: tyd, plek en agtergrond ..... 10
Taalgebruik ..... 10
Beeldspraak ..... 10
Karakterisering ..... 12
AFDELING B: POST-LEES: ..... 14
KONTEKSTUELE VRAE ..... 14
**Proloog** ..... 14
**Hoofstuk 1** ..... 14
**Hoofstuk 2** ..... 15
**Hoofstuk 3** ..... 16
**Hoofstuk 4** ..... 16
**Hoofstuk 5** ..... 17
**Hoofstuk 6** ..... 18
**Hoofstuk 7** ..... 18
**Hoofstuk 8** ..... 19
**Hoofstuk 9** ..... 19
**Hoofstuk 10** ..... 20
**Hoofstuk 11** ..... 21
**Hoofstuk 12** ..... 21
**Hoofstuk 13** ..... 22
**Hoofstuk 14** ..... 23
**Hoofstuk 15** ..... 23
**Hoofstuk 16** ..... 23
**Hoofstuk 17** ..... 24
**Hoofstuk 18** ..... 25

**Hoofstuk 19** ..... 25
**Hoofstuk 20** ..... 26
**Hoofstuk 21 & Epiloog** ..... 26
AFDELING C: POST-LEES: ..... 28
KREATIEWE SKRYFPROJEK ..... 28
INLEIDING ..... 28
FASE 1: FORMELE ASSESSERINGSTAAK 6: Deel 1: Navorsing (20 Punte) ..... 28
Stap 1: Definieer jou navorsingsonderwerp ..... 28
Stap 2: Samel inligting in ..... 28
Stap 3: Organiseer inligting ..... 29
Stap 4: Som nagevorste feite in jou eie woorde op. ..... 30
Stap 5: Skep 'n Bibliografie / Bronnelys ..... 30
FASE 2: FORMELE ASSESSERINGSTAAK 6: Deel 2: SKRYFWERK: Artikel (30 Punte) ..... 31
FASE 3: FORMELE ASSESSERINGSTAAK 7: ..... 32
Mondelinge Aanbieding (20 Punte) ..... 32

# Inleiding

Mosela en die Drie Koninkryke is ’n antropomorfiese fantasieroman wat in ’n fiksionele wêreld, geïnspireer deur Suid-Afrika, afspeel. Oorlog breek uit en die hoofkarakter, Mosela, word in ’n **heldereis** gedompel. Op hierdie reis is dit haar taak om die **Uitverkorene** op te spoor en die Drie Koninkryke te oortuig om saam te staan teen ’n gemene vyand.

**Fantasieromans** is verhale wat deel vorm van ’n fiksiegenre waar daar gefokus word op die onwerklike – op dit wat verbeel word. Dit sluit magiese, bonatuurlike en mitiese elemente in. Net soos in *Mosela en die Drie Koninkryke*, word fantasieverhale gereeld deur volksverhale uit die regte wêreld, geïnspireer. Die **ruimte** waarin die verhaal afspeel is fiktief en anders as die werklikheid, alhoewel dit daardeur geïnspireer word. Dit beteken dat *Mosela en die Drie Koninkryke* ’n voorbeeld van **hoë fantasie** is, wat verskil van lae fantasie – waar die verhaal, hoewel onwerklik, in die regte wêreld afspeel. Fantasiewerke verken ook gewoonlik **morele kwessies**. In *Mosela en die Drie Koninkryke*, word onderwerpe soos oorlog, armoede, misdaad, geslagsrolle, kulturele diversiteit en genade verken.

In **antropomorfiese** verhale word menslike eienskappe en vermoëns (soos die vermoë om te praat en wapens te dra) aan nie-menslike karakters gegee. Ander voorbeelde van antropomorfiese fiksie in Engels sluit in: The Wind in the Willows, Winnie the Pooh, Redwall, Narnia, ens. In Afrikaans is daar elemente hiervan in die bekende Jakkals en Wolf-stories, sowel as ander fabels.

Sentrale **temas** in hierdie roman is: moed en braafheid, selftwyfel, leierskap, verlies en avontuur.

# Kort biografie van die outeur:

Luke Gregory Calder is ’n animasie-kunstenaar van Johannesburg. Hy het in 2012 sy Baccalareusgraad in Beeldende Kunste aan die Rhodes Universiteit in Makhanda (Grahamstad) verwerf en daarna ’n Nagraadse diploma in Animasie by Wits Universiteit (2016). Hy teken graag na-uurs digitale kunswerke en is passievol oor karakterontwerp en wêreldbou – veral wêrelde vir dierekarakters. In 2019 het Luke sy eerste stalletjie by Comic Con Africa gehad waar hy hierdie kunswerke verkoop het en sy aanhangers was altyd nuuskierig oor die karakters in die kunswerke se storie. Hy het hom dus genoop gevoel om Mosela en die Drie Koninkryke te skryf. Die Afrikaanse weergawe is deur Luke se vrou, Zoë Calder, vertaal.



## Intrige

Laat een aand word die vreedsame dorpie, Sireletsa, deur seerower pikkewyne aangeval. Die dorpie is verwoes en dorpenaars is gevange geneem. Mosela en die ander jong meerkatte word as slawe verkoop en op ’n skip gelaai, op pad na verre lande. Gedurende die vaart, kry die meerkatte dit wonder bo wonder reg om met ’n klein reddingsbootjie te ontsnap en huis toe te roei.

Wanneer hulle uiteindelik by die strand kom, besluit die meerkatte om by die volgende dorp hulp te gaan soek. Hulle ontmoet vir Baneet, ’n behulpsame ou padda, wat voorstel dat net een meerkat na Ovidivo, die hoofstad van Rodentia, vlieg om die koning in te lig van die pikkewyn-inval. Mosela stem teësinnig in, want dit is die vinnigste manier, maar sy wil nie haar vriende agterlaat nie.

Sy en haar nuwe vriend, Harold die hadida, moet op pad na Ovidivo skuiling in ’n woud soek weens ’n erge storm. Blouapies steel hulle besittings, en in die chaos wat volg, word Mosela van Harold geskei. Sy is alleen en weet nie waarheen om te gaan nie, maar sy sien vreemde, gloeiende verkleurmannetjies wat haar dieper die woud in lei. Sy struikel ne beland in ’n donker grot.

Binne die grot ontmoet sy vir Gundwane die rot, ’n eksentriese sangoma-karakter, wat vir Mosela ’n profesie wys wat in Antieke Meerkattaal geskryf is. Hulle vertaal dit saam na Gemeenskapstaal. Weens hierdie profesie glo Gundwane dat dit Mosela se lotsbestemming is om die toekomstige koning te vind – ’n magtige leier wat die Drie Koninkryke sal verenig en sodoende die pikkewynweermag sal oorwin.

Intussen skerp Khova, ’n jong toweruil, sy toorvaardighede by die Imfihlo Akademie in Navia op. Khova het ’n vurige humeur en ’n sterk ambisie om die verbode vuurtowerkrag te bemeester. ’n Fratsongeluk tydens een van hierdie oefeninge, veroorsaak dat hy sy vlerk ernstig beseer. Na ’n woordewisseling met sy boelies, besluit Khova om weg te hardloop van die Akademie af. Hy moet net eers huis toe gaan om sy ma te gaan haal. Sý is egter intussen aangekla van diefstal en haar verhoor vind binne die volgende paar dae in Bhakabhaka plaas. Khova belowe om haar te red.

Terwyl Khova besig is om te vlug, veroorsaak hy per ongeluk ’n veldbrand. Hy val tot op die woudvloer, en terwyl hy magteloos met sy beseerde vlerk daar ronddwaal, struikel hy en kom in Gundwane se grot te lande. Die rot glo dadelik dat Khova die Uitverkorene is – dit is darem te toevallig. Gundwane gee vir hom die belangrike taak om die Drie Koninkryke te verenig en, weens Khova se beserings, vra hy vir Mosela om hom hiermee te help.

Khova en Mosela ontmoet die Muiskoning, maar hy weier om hulle te help. In teendeel, hy dreig om hulle tereg te stel, maar Mosela praat mooi met die koning en hy laat hulle gaan. Hy weier egter steeds om met die pikkewyne te help. Khova is uiters gefrustreerd en wil die taak laat vaar, maar hy kry dit nie reg om vir Harold te oortuig om saam met hom te kom en Mosela agter te laat nie.

Intussen, gaan Mosela op haar eie na die Uilkoning en oortuig hom om hulle te help. Khova soek haar op die Regsterras, waar hy sy vriendin, Nandi, raakloop. Sy vertel hom dat sy ma tereggestel is. Khova is woedend oor sy ma se dood en oor hy dit nie kon keer nie, en steek alles rondom hom aan die brand – hy skiet selfs vlamme in Mosela se rigting. In ’n poging tot selfverdediging, maak Mosela per ongeluk vir Khova dood. Sy is verpletter, want hy was die Uitverkorene.

Bhalo, die koning se raadgewer, stel dan voor dat Mosela eintlik die Uitverkorene is. Haar storie pas by die profesie – sy is ook van haar huis af weggejaag en haar aksies wys definitiewe leierskap. Bhalo stem in om haar met die res van haar taak te help.

Hulle gaan dan nie die Skilpadkoning en probeer hom oortuig om te help om die koninkryke te verenig, maar hy wil niks hoor nie. Die nuus oor Mosela en Khova se geveg, versprei egter soos 'n veldbrand en 'n groot skare drom buite die koninklike huis saam. Mosela oortuig hulle met 'n passievolle toespraak van die erns van die gevaar. Die Skilpadkoning stem dan tog in om haar te help.

Mosela seil saam met 'n eerste groep soldate na Ovidivo om die Muiskoning van die ooreenkoms tussen Fibia en Navia te vertel. Teen die tyd wat hulle daar aankom, het Scraw se weermag egter reeds 'n aanval op die hoofstad geloods. Die soldate kry dit net-net reg om te keer dat 'n slang deur die stadsmure breek, maar Mosela kan net van ver af die geveg dophou – sy is te jonk om self te veg. Van hier af besef sy dat die slange nie werklik aggressief is nie – hulle word deur Scraw se towerswaard beheer.

Mosela dink aan die perfekte plan: as die slange nie die geluid wat van die swaard af kom, kan hoor nie, sal hulle ophou baklei. Sy beveel die Rodentiaanse weermag om hulle wapens teen mekaar te slaan – die geraas onderbreek die swaard se towerspel. Die slange vlug en Scraw se oorblywende soldate is nou hopeloos in die minderheid en moet oorgee.

Die Drie Koninkryke is verenig en so vervul Mosela die profesie. Die Muiskoning erken haar as die Uitverkorene, maar is nie te gretig om haar dadelik koningin te maak nie – sy is nog te jonk. Almal stem in om weer daaroor te besluit as die tyd reg is.

Mosela se laaste versoek aan die koning is vir genade vir die pikkewyne. Sy haal wyse woorde van haar pa aan: "Jy gebruik geweld om oorloë te beëindig, jy gebruik goedhartigheid om die volgende oorlog te voorkom." Die verhaal eindig waar Mosela en haar gesin weer almal by mekaar is.



# Letterkundige tegnieke in Mosela en die Drie Koninkryke

## Vertellersperspektief

In *Mosela en die Drie Koninkryke* word 'n **derdepersoonsverteller** gebruik, wat die verhaal vanuit 'n subjektiewe / beperkte perspektief vertel. Die verteller is nie een van die karakters wat deel is van die verhaal nie. Die verteller is ook nie alwetend / alomteenwoordig nie, omdat die verhaal telkens vanuit onderskeie karakters se perspektief vertel word. So word die inligting wat bekend gemaak word, **beperk** om spanning te bou. Die leser weet net wat die betrokke karakter op daardie stadium van die verhaal weet. Die verteller is **subjektief** omdat hy/sy die emosies en opinies van die karakter uit wie se perspektief die verhaal vertel word, aanneem.

Die storielyn / intrige in Mosela en die Drie Koninkryke is groter as enige van die individuele karakters en dit kan beter oorgedra word deur die gebruik van veelvoudige perspektiewe. Die verhaal word in verskillende afdelings opgedeel en dan vanuit verskeie karakters se **perspektief** vertel. Dit verskaf meer agtergrondinligting en help die lesers om karakters op 'n dieper vlak te leer ken.

Die onderstaande tabel wys die perspektief waaruit elke hoofstuk vertel word:

| **Afdeling** | **Hoofstuk** | **Perspektief** |
|---|---|---|
| Proloog | | Kaptein Scraw |
| Boek 1: RODENTIA | Hoofstuk 1 – 3 | Mosela |
| | Hoofstuk 4 | Kaptein Scraw en dan Mosela na die tipografiese wit op bladsy 43 |
| | Hoofstuk 5 – 9 | Mosela |
| Boek 2: NAVIA | Hoofstuk 10 – 14 | Khova |
| Boek 3: FIBIA | Hoofstuk 15 – 18 | Mosela |
| Book 4: DIE OORLOG | Hoofstuk 19 | Koning Renner |
| | Hoofstuk 20 & 21 | Mosela |
| Epiloog | | Mosela |

## Kaart van Rodentia




Outeurs (veral fantasie outeurs) kies dikwels om kaarte van die wêrelde wat hulle vir hul verhale geskep het, by hierdie romans in te sluit, omdat dit die leeservaring van die boek versterk. Kaarte laat lesers toe om tred te hou met karakters se reise en dit skep 'n meer interaktiewe ervaring waar lesers hulself dieper in die verhaal kan indompel.

In Mosela en die Drie Koninkryke, is die Kaart van die Drie Koninkryke nog onvolledig – dit is nie 'n wêreldkaart nie. Dit impliseer dat Mosela se wêreld nog nie volledig verken is nie. 'n Mens kan ook aflei dat die samelewing dus nog relatief jonk is en dat die tegnologie wat maklike reis moontlik maak, nog nie ontwikkel is nie.

Daar is drie koninkryke in hierdie fiksionele wêreld. Hulle word deur hul landskappe en die soort diere wat daar sal kan floreer, gedefinieer. Rodentia is die grootste streek. Dit bestaan uit grasvlaktes en die Sontaha bergreeks, wat deur die Drakensberge geïnspireer is. Die diere wat daar woon is knaagdiere. Hulle floreer daar omdat hulle goeie tonnels kan grawe en daarvan hou om te boer. Dassies aard goed in die berge, danksy hul gedugte klimvermoëns.

Fibia is vol vleilande, moerasse en moeilike terrein. Die diere wat daar aard is amfibieë en reptiele wat goed by die modderige omstandighede kan aanpas. Die area is ook bekend vir die reuse vegskilpaaie wat daar woon. Laastens is Navia bekend vir sy bonatuurlike woude. Die bome hier groei buitengewoon hoog. Die gesogte Imfihlo Akademie – 'n skool vir toweruile, is ook in Navia. Al die verskillende uil spesies woon hier – van piepklein bos-uiltjies tot Reuse Ooruile.

Alhoewel die drie koninkryke onafhanklik is en nie graag saamwerk nie, is dit ook nie ongewoon dat diere wat reis tyd in ander koninkryke, saam met ander dierspesies spandeer nie. Dit is duidelik in geselligheid van die Kroegpadda se Taverne te sien.

Mosela se reis begin in Sireletsa waar sy gevange geneem word en die Pikkewyne haar verder Suid neem via die Sebaka Oseaan. Sy ontsnap en kom weer tot by Katibaberg voor sy na Tweede Uitkykpunt beweeg. Op pad daarheen ontmoet sy vir Baneet en Harold en vlieg dan saam met die hadida oor Suid-Rodentia en die Sontahaberge voor sy uiteindelik in die Rodentiaanse woud land. Hier raak sy verlore en beland in Gundwane se grot.

Khova se reis begin by die Imfihlo Akademie. Hy ontsnap en dwaal suid totdat hy die hoofpad, die N1, vind. Hier word hy deur vriendelike hase wat op pad is na Kaasfontein, opgelaai. Terwyl hy saam met hulle met Hasepad langs reis, kry Khova 'n aaklige, koorsagtige nagmerrie en hardloop weg van die hase af, die woud in. Hy beland ook in Gundwane se grot en ontmoet hier vir Mosela.

Ons reisigers vertrek dan met die taak om die Drie Koninkryke te verenig. Hulle vlieg na Ovidivo om met die Muiskoning te gaan praat. Hy weier egter om hulle te help, en hulle vlieg dan na Bhakabhaka om met die Uilkoning te praat. Hy stem in om vir Mosela te help en sy vlieg daarna na Chataan om die Skilpadkoning ook aan haar kant te probeer kry. Laastens seil Mosela dan met die kus langs na Ovidivo waar die finale geveg plaasvind.

### Klaskamer aktiwiteit: teken pyle op die kaart van Rodentia om Mosela en Khova se reise uit te beeld.

## Konflik

Konflik in die letterkunde kom voor wanneer daar een of ander struweling tussen karakters is. Daar word meestal onderskei tussen **uiterlike konflik** en **innerlike konflik**. Uiterlike konflik verwys na konflik of bakleiery tussen twee of meer karakters. Hierdie tipe konflik kan fisies uitgebeeld word (met lyftaal en beskrywings van karakters se dade en optrede) of verbaal (dialoog). Interne konflik verwys na konflik wat 'n karakter binne hom- of haarself ervaar, soos moeilike emosies of wanneer karakters nie hul morele waardes met dit wat rondom hulle gebeur, kan vereenselwig nie, of wanneer karakters sukkel om besluite te neem. Hierdie tipe konflik word gewoonlik in karakters se gedagtes of soms in hul woorde uitgebeeld.

Voorbeelde van uiterlike konflik in Mosela en die Drie Koninkryke sluit in hoe onbeskof Scraw met sy bemanning praat, die bakleiery tussen Vlerkie en die jong meerkatte, die oorlog tonele en die bakleiery tussen Khova en die uile in sy klas wat hom spot.

Voorbeelde van innerlike konflik in die roman sluit in: Scraw se frustrasie wanneer sy bemanning nie so hard werk soos wat hy wil hê hulle moet nie; wanneer hulle nie die belangrikheid van dit wat hulle doen, besef nie; wanneer Mosela haar vrese en self-twyfel eers

moet aanvaar om dit dan te kan oorkom sodat sy haar familie kan red; wanneer Mosela die dood van haar beste vriend moet verwerk en wanneer Khova moet aanvaar dat sy ma nie heeltemal was wie hy gedink het sy was nie.

## Klaskamer aktiwiteit: (tydens-lees) Skryf ander voorbeelde van beide innerlike – en uiterlike konflik in tabelvorm neer.

## Milleu: tyd, plek en agtergrond

Mosela en die Drie Koninkryke speel af in ’n fiktiewe wêreld wat deur die Suid-Afrikaanse natuur, landskap en mense geïnspireer is. Mosela se pa is geïnspireer deur die Sotho Koning Moshoeshoe. Koning Moshoeshoe het in die vroeë 1800’s regeer, in die tyd toe Shaka Zulu Koning van die Zoeloes was. Shaka Zulu was ’n gevreesde militêre leier en krygsman, terwyl Moshoeshoe weer bekend was vir sy takt en genade.

In hierdie roman, is die reënkoningin ’n dassie. Sy is geïnspireer deur die reeks Modjadji koninginne van die Balobedu mense. Die Modjadji koninginne is bekend daarvoor dat hulle reën kan bring in dorre klimate en streke waar daar lang droogtes was.

## Taalgebruik

In hierdie roman word daar op verskeie maniere van woordspeling gebruik gemaak. Een hiervan is om tussen die verskillende dierspesies te onderskei. Meerkatte en Pikkewyne praat nie op heeltemal dieselfde manier nie. Daar is ’n effense verskil in die aksent van elke spesie – die duidelikste hiervan is by die Koninklik muise van Ovidivo te sien, wat meer formele en verhewe taalgebruik as die ander dierspesies het. Hulle taalgebruik wys vir die leser dat hulle soms hulself ook verhewe bo die res ag.

Dit is ook belangrik om raak te sien dat al die karakters dieselfde gemeenskapstaal (Lingua Franca) gebruik om met mekaar te kan kommunikeer (in hierdie geval Afrikaans), maar elke spesie het ook sy eie oertaal. Hierdie tale is geïnspireer deur tale wat in Suid-Afrika gepraat word. Ons kan dit duidelik in karakters se name sien, byvoorbeeld Mosela se naam wat ‘stert’ beteken in Sesotho. Hierdie naam word gewoonlik gehou vir die jongste / laaste kind van ’n familie. Imfihlo Akademie se naam kom van die Xhosa / Zoeloe woord vir geheim. Dit verwys natuurlik na al die versteekte toorkennis wat leerders, oor tyd, daar opdoen. Die doel van die gebruik van woorde wat deur hierdie tale geïnspireer is, is om Suid-Afrikaanse lesers tuis te laat voel in die storie – wat spesiaal vir hulle geskryf is, al kom hulle uit diverse agtergronde.

Taaldiversiteit en die voortbestaan van tale (wat soms kan verouder) is ’n belangrike, wêreldwye kwessie. In plekke waar mense slegs Lingua Francas praat, soos Engels, word Moedertale maklik afgeskeep en die gevaar hiervan is dat mense ’n gedeelte van hul kulturele identiteit en erfenis kan verloor. Ons sien dit duidelik in die roman raak wanneer Gundwane met Mosela raas omdat sy nie Meerkat(taal) kan lees nie en daarom nie dadelik die profesie verstaan nie.

## Beeldspraak

Outeurs maak gereeld van vergelykings gebruik om prentjies of beelde in die leser se verbeelding te skep en sodoende letterkundige werke ryker te maak. Idees kan op verskeie maniere met mekaar gelykgestel word, deur onder andere vergelykings en metafore. In ’n metafoor, word een saak heeltemal aan ’n ander gelyk gestel. Dit is ’n baie sterk vergelyking

– die een saak <u>is</u> die ander, bv. Hy <u>is</u> 'n wolf in skaapsklere. In 'n vergelyking word woorde soos nes, as of (net) soos gebruik om 'n minder direkte / sterk beeld te vorm, bv. Hy sluip rond <u>soos</u> 'n muis.

In hoofstuk 1 word 'n wolk met 'n seilboot gelykgestel, d.m.v. die **<u>metafoor</u>** "'n Seilboot in 'n uitgestrekte oseaan..." (bl. 10) Dit beklemtoon hoe erg die droogte is. Hierdie wolkie waaraan Mosela dink, is die enigste wolkie in die lug en aangesien dit nie reën bring nie – die een taak waarvoor Mosela en haar dorpie wolke die nodigste het – is dit nutteloos.

Op bl. 205 is daar nog 'n snaakse metafoor: "Hy het 'n kewer in sy kop." Hier word die idee van malligheid of vreemdheid vergelyk met 'n kewer wat binne-in 'n voorwerp rondbeweeg, geraas maak en keer dat die voorwerp werk soos dit veronderstel is om te werk. Dus werk sy gedagtes / verstand nie soos dit veronderstel is om te werk nie. Dit is 'n direkte / sterk gelykstelling – nie bloot *dit is <u>asof</u> hy 'n kewer in sy kop het* nie.

In hoofstuk 2 beskuldig Dinawa Mosela daarvan dat sy 'soos 'n blinde slak rondstaan'. Dit is 'n **<u>vergelyking</u>**, want dit bevat die woord 'soos'. Dinawa vergelyk die feit dat Mosela stadig werk / nie weet wat om te doen nie, met 'n blinde slak wat net so onbehulpsaam in die kombuis sou wees. Hy wil hê sy moet gou maak en begin werk en dus meer behulpsaam wees.

Op bl. 87 word die Sontahaberge vergelyk met 'n kasteel in die volgende sin: "Die Sontahaberge strek voor hulle uit soos reusekasteelmure." Hierdie vergelyking versterk die koninkryk-idee in die leser se verbeelding en beklemtoon hoe klein Mosela voel wanneer sy opkyk na hierdie eindelose bergreeks.

**<u>Ironie</u>** is wanneer die teenoorgestelde gebeur / gesê word as wat die leser verwag. Dit sal byvoorbeeld ironies wees as iemand wat dol is oor katte, allergies is vir hulle. Of as iemand allergies is vir katte, maar in elk geval een het, omdat hulle so lief vir katte is. In Mosela se storie, vind ons verskeie voorbeelde van ironie. Een hiervan is waar die meerkatte so lank desperaat vir reën gewag het, maar wanneer hulle deur die pikkewyne gevange geneem word en dit kort daarna wel reën, wens hulle die reën weer weg.

Dit is ook ironies dat Mosela op bl. 174 Palesa se positiewe lewensbeskouing mis, nadat dit juis iets was wat haar vroeër in die roman vreeslik geïrriteer het. Op bl. 185 is nog 'n goeie voorbeeld van ironie: dat Khova nie vir Harold kon oortuig om vir Mosela agter te laat nie, ten spyte van Khova se intelligensie en ten spyte van die feit dat Harold van die begin af beskryf word as "van sy lotjie getik" (bl. 74) en "nou nie juis die slimste bodevoël nie" (bl. 75). Harold se lojaliteit is op die ou einde so sterk dat Khova dit net nie kon regkry om hom te oortuig om vir Mosela agter te laat nie.

Op bl. 219 kou koning Renner sy naels. Dit kan as onbetaamlik beskou word, en dus ook ironies, dat 'n koning so iets sou doen. Sy koninklike status en verhewe taalgebruik maak dat die leser meer koninklike, verfynde gedrag en gewoontes van hom verwag, maar ironies genoeg, word selfs konings elke nou en dan bang genoeg om hul naels te kou.

Die belangrikste **<u>simbool / motief</u>** in hierdie roman is die idee van die verkleurneons. Hulle simboliseer die noodlot. Hierdie gediertetjies is helder, blink tekens van 'n karakter se lot en van die feit dat dit altyd die moeite werd is om die pad (al is dit soms gevaarlik) na dit wat vir jou bestem is, aan te pak.

**Kontras / Teenstelling** is wanneer twee teenoorgestelde idees naby mekaar in 'n sin gebruik word, om 'n punt wat die skrywer probeer maak, te beklemtoon. Een voorbeeld hiervan kom op bl. 130 voor, waar Nothando vrolik praat en optree, ten spyte van haar ooglopende moegheid. ""Hoe gaan dit met my pasiëntjie?" vra Nothando in haar gewone vriendelike stem, ten spyte van die duidelike moegheid op haar gesig." Hierdie teenstelling van aangenaamheid en moegheid, beklemtoon nie net hoe moeg Nothando is nie, maar ook die feit dat sy tog in sekere opsigte 'n baie goeie ma was, wat hard werk om vir haar seun te kan voorsien, maar wat haar moegheid vir sy onthalwe wegsteek, sodat hy nie daaroor skuldig hoef te voel nie.

Nog 'n belangrike tegniek in hierdie roman, is **vooruitskouing**. Dit is wanneer gebeurtenisse in die roman / karakters se woorde voorspel wat uiteindelik gaan gebeur. Die belangrikste vooruitskouing in die roman is natuurlik die profesie, wat wel onsekerheid skep rondom wie nou eintlik die Uitverkorene is, maar wat korrek voorspel dat die Drie Koninkryke verenig sal moet word om 'n gemene vyand te kan oorwin. Ander, kleiner voorbeelde hiervan kom ook in die roman voor, soos op bl. 113 waar dit eers klink of Nandi oordryf as sy vir Khova sê om versigtig te wees vir vuurtowerkrag. Sy waarsku hom dat hy dit te ver sal vat en die hele skool sal afbrand! Op die ou einde was Nandi reg – dit is toe presies wat gebeur het.

## Karakterisering

In Mosela en die Drie Koninkryke kom die volgende karakter-argetipes voor:

Protagonis / Heldin: Mosela

Antagonis / Skurk: Kaptein Scraw

Antiheld: Khova

Mentor / Gids: Gundwane & Bhalo

Ondersteunende karakters: Harold, Palesa, Litelu, Lefika, ens.

**Karakteriseringstegnieke:**

Daar is 'n paar verskillende maniere waarop outeurs karakters aan lesers kan bekendstel. Hierdie maniere kan verdeel word tussen **direkte karakterisering** en **indirekte karakterisering**. Direkte karakterisering word gebruik wanneer die outeur direk vir lesers vertel hoe 'n karakter lyk, klink en optree. Dit kan gedoen word deur ander karakters se woorde (**dialoog**) of deur dit wat die spesifieke karakter oor hom- of haarself sê. Dit kan ook uitgebeeld word deur die karakter se dade / optrede of selfs deur dit wat hulle dink en voel, solank die outeur dit direk beskryf. Die leser hoef met hierdie soort karakterisering, niks oor die karakter af te lei nie.


Indirekte karakterisering is inligting wat lesers oor karakters kry wanneer hulle tussen die lyne lees en sekere aspekte van 'n karakter se persoonlikheid of enige ander van hul kenmerke, aflei. Hierdie kennis word gevorm deur gevolgtrekkings wat die leser maak vanuit dit wat indirek gesê word – die leser moet met ander woorde dink oor waarom die karakter op 'n sekere manier optree; oor wat hul motivering is.

Gundwane is 'n baie interessante karakter met baie unieke vermoëns en karaktereienskappe. Hy gebruik die bekende filmtegniek waar karakters in 'n film "die vierde muur afbreek", deur direk vir Mosela te sê dat sy die protagonis is. Gewoonlik is karakters nie veronderstel om te

"weet" dat hulle karakters in 'n verhaal is nie. Lesers ervaar karakters as meer geloofwaardig as hulle nie die heeltyd herinner word dat dit eintlik 'n storie is nie. Deur vir Mosela te sê dat sy die protagonis is, breek Gundwane hierdie illusie dat karakters nie in die werklike lewe bestaan nie.

Verder is die leser ook baie bewus daarvan dat Khova lieg oor die feit dat hy sy profesie kan lees. Dit is 'n goeie voorbeeld van indirekte karakterisering. Nóg Mosela nóg Gundwane het hom hieroor uitgevra. Al word dit nooit eksplisiet vir die leser gesê dat Khova lieg nie, kan ons dit maklik aflei.

Klasbespreking: werk in groepe van 2. Dink na oor hoe die roman anders sou wees as Lefika die held (hoofkarakter) was, of Gundwane, of Khova, of Nandi of enige ander karakter. Bespreek dit met jou spanmaat. Elke groep moet 'n ander karakter vir hierdie eksperiment gebruik. Besluit saam hoe die roman sou verander, skryf 'n kort paragraaf daaroor neer en deel dan jul groep se idees met die res van die klas in 'n kort, informele mondeling.



# AFDELING B: POST-LEES: KONTEKSTUELE VRAE

## Proloog

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Wat is die naam van Kaptein Scraw se skip? | 1 | 1 |
| 2. | Wat sê Kaptein Scraw se taalgebruik, stemtoon en die manier waarop hy met sy bemanning praat, van hom as ’n karakter? | 2 | 5 |
| 3. | Op bl. 2 raak ’n pikkewyn deurmekaar tussen Kaptein Scraw en sy vriend, Pik. Verduidelik die humor in hierdie verwarring. | 1 | 3 |
| 4. | Watter soort dier is ’n kobra? | 1 | 1 |
| 5. | Hoe verskil die liggaamstaal van die bemanning teenoor dié van Kaptein Scraw, veral nadat die kobra losgelaat word? | 2 | 2 |
| 6. | Dink jy dat die “Kaart van die Drie Koninkryke” volledig is? Gee ’n rede vir jou antwoord. | 1 | 3 |
| 7. | Scraw sê dat hy sy stertvere stompies werk, wat beteken dat hy baie hard werk. Wat impliseer hierdie woordspeling oor die tegnieke wat deur die outeur gebruik is om die fiktiewe wêreld waarin Rodentia afspeel, te skep? | 1 | 3 |
| 8. | Voorspel hoe jy dink Scraw sy swaard gaan gebruik om sy doelwit aan die einde van die hoofstuk te bereik: “More-aand verower ons die hele Rodentia!” | 1 | 3 |
| | Totaal (Proloog) | [10] | |

## Hoofstuk 1

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Hoekom dink jy staar Mosela so intens na die wolkie op bl. 9? | 1 | 3 |
| 2. | Dink jy Mosela is haar lewe lank al gewoond daaraan om water te rantsoeneer? Gee ’n rede vir jou antwoord. | 2 | 3 |
| 3. | Gee ’n sinoniem vir die woord onophoudelike op bl. 10: “… sal sy uiteindelik verligting kry ná die onophoudelike hitte.” | 1 | 2 |
| 4. | Verduidelik die gebruik van die metafoor: “’n Seilboot in ’n uitgestrekte oseaan wat niks omgee oor haar dorre bestaan nie.” | 3 | 2 |
| 5. | Wat is Mosela se beste vriend se naam? | 1 | 1 |
| 6. | Wie maak die eerste skuif in die morabaraba speletjie? | 1 | 1 |
| 7. | Mosela en haar beste vriend is beide ongelukkig met hul opvoeding. Vergelyk hulle idees en houdings ten opsigte van hul lesse. | 4 x ½ = 2 | 4 |

| | | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 8. | Stem jy saam met Mosela se beste vriend se standpunte oor die rol van mannetjies- en wyfiemeerkatte soos hy dit in hierdie hoofstuk uitdruk? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 1 | 5 |
| 9. | Verduidelik hoe dit Mosela se optrede beïnvloed wanneer sy sien hoeveel langer die boom se skaduwee geword het. | 3 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 1) | [15] | |

# Hoofstuk 2

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Wat is Mosela se ouers se name? | 2 | 2 |
| 2. | Hoe beïnvloed die kaart aan die begin van die roman jou verstaan van Sireletsa se militêre kwesbaarheid? | 3 | 3 |
| 3. | Lys TWEE karaktereienskappe van meerkatte wat maak dat hulle, volgens Moshesh, goeie soldate kan wees. | 2 | 1 |
| 4. | Beskryf die ironie van die laaste sin voor die tipografiese wit op bl. 19. | 2 | 2 |
| 5. | 5.1. Verduidelik die hoofidee agter Litelu se stelling op bl. 21: "Ja, maar die dassie-monargie is al honderde jare oud. Dis 'n baie belangrike tradisie wat hulle in stand hou, ongeag wie regeer. Ons maak staat op wedersydse vrede tussen ons spesies en dit beteken ons moet hulle kultuur respekteer." | 1 | 3 |
| | 5.2. Stem jy saam met die bostaande stelling? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 1 | 4 |
| 6. | Wat dink jy is Mosela se gunstelingdis en hoekom sê jy so? | 2 | 2 |
| 7. | Wat sê die uitdrukking "...daar staan soos 'n blinde slak..." (bl. 22) vir die leser oor Dinawa se persoonlikheid? | 2 | 3 |
| 8. | Wat sê die ouer meerkat se opmerking oor "die hoofman se dogter" (bl. 22) van die res van die dorp se houding teenoor Mosela en haar gesin? | 2 | 3 |
| 9. | Mosela weier om op te gee met die mielies. Wat leer die leser hieruit oor haar waardes? | 1 | 4 |
| 10. | Hoekom dink jy sê Litelu dassies is die beste metgeselle as jy deur die berge moet reis? | 1 | 5 |
| 11. | Dink jy die beeld van 'n skerpioenstert met gif wat daarvan af drup, is 'n gepaste beeld vir die simbool (wapen) van Sireletsa? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 1 | 5 |
| | Totaal (Hoofstuk 2) | [20] | |

# Hoofstuk 3

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Verduidelik waarom die koningin se optrede aan die begin van hoofstuk 3 as ironies beskou kan word. (Hou die einde van hoofstuk 2 in gedagte.) | 2 | 4 |
| 2. | Lys 3 disse by die fees waarna Mosela die meeste uitsien. | 3 | 1 |
| 3. | Hoekom dink jy het niemand die noodseine gehoor nie? | 2 | 3 |
| 4. | Moshesh kry nie kans om sy toespraak (bl. 32) oor die drie stukkies raad wat hy by een van die mees vooruitstrewende leiers in Rodentia gekry het, te voltooi nie. Wat dink jy was die laaste stukkie raad? Voltooi die sin: “Die belangrikste sleutel tot sukses vir ’n magtige leier is om altyd...” | 1 | 5 |
| 5. | Wie was die eerste persoon wat die beseerde soldaat gesien het? | 1 | 1 |
| 6. | Gee ’n sinoniem vir die woord “erns” in die volgende sin op bl. 33: “Mosela staan vir ’n oomblik gevries, maar die erns van die situasie dwing haar tot verhaal.” | 1 | 2 |
| 7. | Vergelyk Mosela en Mamma Pula se aksies wanneer Litelu hulp nodig het met die noodhulp voorraad. | 4 | 3 |
| 8. | Beskryf die bedreigings langs die kus. | 2 | 1 |
| 9. | Hoekom dink jy baklei Mosela so hard teen die trane wanneer sy dit nie regkry om haar ma met die beseerde soldaat te help nie? | 2 | 3 |
| 10. | Hoe affekteer die gebruik van die frase “Die grond kom vinnig nader...” (bl. 35) jou verstaan van die situasie? | 2 | 3 |
| 11. | Som die chaotiese effek van die katapulte op Mosela se dorpie kortliks op. | 3 | 2 |
| 12. | Lewer kommentaar op die gepastheid van die outeur se woordkeuse met die vergelyking op bl. 37: “Dit boor deur Mosela se kop soos ’n brandende pyl.” | 2 | 4 |
| | Totaal (Hoofstuk 3) | [25] | |

# Hoofstuk 4

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Haal ’n voorbeeld van klanknabootsing op bl. 38 aan. | 2 | 1 |
| 2. | Wat is die verband tussen die seerower se “gevoellose treë” en “eelterige pote” op bl. 38? | 2 | 3 |
| 3. | Wat dink jy is die oorsprong van die oranje en geel lig? | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. | "Hy is klaar besig om die volgende stap in sy grootskaalse aanval te beplan. Nes 'n slim spel." Na watter speletjie (van vroeër in die verhaal) verwys die woorde 'slim spel'? | 1 | 3 |
| 5. | Onderaan bl. 39, moet Scraw die versoeking weerstaan om die Koala seer te maak. Stem jy saam dat hierdie weerstand vanuit sy respek vir Koalas kom? | 1 | 4 |
| 6. | Daar word gereeld melding gemaak van Kaptein Scraw se kopseer. Wat dink jy sê dit oor Scraw se houding teenoor die feit dat die meerkatte ly? | 1 | 3 |
| 7. | Die Koalas praat vreemd, hulle woordorde maak nie altyd sin nie. Hoekom dink jy is dit belangrik in terme van karakterisering en die uitbreiding van die ruimte waarin die verhaal afspeel (wêreldbou)? | 1 | 5 |
| 8. | Lewer kommentaar oor die tragiese ironie wanneer die meerkatte op bl. 43 hoop dat die reën sal ophou. | 2 | 3 |
| 9. | Wat is die jongste meerkat se naam? (bl. 44) | 1 | 1 |
| 10. | Verduidelik die verskil in Mosela en Lefika se benaderings wanneer dit by Vlerkie kom. | 2 | 2 |
| 11. | Met watter benadering in jou antwoord op vraag 10, stem jy die meeste saam? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 1 | 5 |
| | Totaal (Hoofstuk 4) | [15] | |

# Hoofstuk 5

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Dink jy dit is realisties dat Mosela dadelik rasioneel aan 'n plan begin dink om te ontsnap, gegewe die aaklige gebeure wat sy aan die einde van die vorige hoofstuk aanskou het? | 2 | 4 |
| 2. | Som Mosela se ontsnappingsplan op. | 3 | 2 |
| 3. | Watter pikkewyn was die senior / hoër geagte pikkewyn? | 1 | 1 |
| 4. | Hoe sal jy voel as jy een van die gevange meerkatte was wat die gebeurtenisse van Hoofstuk 5 met jou eie oë gesien gebeur het? Motiveer jou antwoord. | 1 | 5 |
| 5. | Die Koalas het byna wakker geword van al die geraas op die dek. Hoe sou dit die ander karakters affekteer as hulle wel sou wakker word? | 2 | 3 |
| 6. | Hoeveel spesies was op die skip teenwoordig? | 1 | 2 |
| 7. | Gee EEN woord op bl. 55 wat dieselfde beteken as beweeg. | 1 | 1 |
| 8. | Vergelyk die maniere waarop beide Mosela en Vlerkie dit hanteer as dinge nie volgens plan verloop nie. | 4 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 5) | [15] | |

## Hoofstuk 6

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Mosela gebruik konstellasies (sterrebeelde) om die pad huis toe te vind. Watter sterrebeeld in ons wêreld kan vir navigasie gebruik word? | 1 | 3 |
| 2. | Wat kan die leser uit Mosela se gedagtes en aksies aan die begin van Hoofstuk 6 aflei oor haar gemoedstoestand? | 2 | 4 |
| 3. | Verduidelik die vergelyking op bl. 60: “Die gedagte haak in haar brein vas soos ’n gevriesde rivier.” | 2 | 3 |
| 4. | Wie was die twee meerkatte wat nie kon slaap nie? | 2 | 1 |
| 5. | Watter hanteringsmeganisme het die ander meerkatte gebruik wat vir Mosela moeilik was om te verstaan. | 1 | 2 |
| 6. | Wat beteken dit dat beide die sonne hoog in die lug sit? (Bl. 61) | 1 | 3 |
| 7. | Wat het Mosela gehelp om uiteindelik aan die slaap te raak. Hoekom dink jy het dit gehelp? | 2 | 1 |
| 8. | Wat is die naam van die eerste landmerk waarna Palesa op soek is? | 1 | 1 |
| 9. | Onderaan bl. 62 sê Dinawa vir Mosela om ’n breek te vat van al die roeiery. Wat sê haar reaksie (gedagtes) vir die leser van haar as hoofkarakter? | 2 | 3 |
| 10. | Hoe sou jy gevoel het as jy een van die meerkatte in die bootjie was? Gee ’n rede vir jou antwoord. | 1 | 5 |
| | Totaal (Hoofstuk 6) | [15] | |

## Hoofstuk 7

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Hoe laat is dit wanneer Mosela en die ander meerkatte op die strand aankom? Skryf die antwoord in jou eie woorde. | 1 | 3 |
| 2. | Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal SES opeenvolgende woorde op bl. 66 aan om jou antwoord te bewys.<br>Die verkleurmannetjie wat Mosela gesien het, het skerp, skrikwekkende tande. | 1 | 2 |
| 3. | Op bl. 68 sê Mosela dit voel of sy van haar kop af raak. Gee TWEE moontlike redes waarom sy so voel. | 2 | 1 |
| 4. | Wat het die meerkatte nodig gehad om vuur te maak? | 1 | 1 |
| 5. | Watter twee dinge, volgens Mosela, kan regtig help om gemoedere te lig (bl. 67)? | 2 | 1 |

| | | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 6. | As jy Mosela was en jy moes kies om óf na die dorpie te gaan om hopelik nuus te kry oor jou familie óf om na die uitkykpunt te gaan om ’n boodskap na die Muiskoning te stuur, watter opsie sou jy kies en hoekom? | 2 | 5 |
| 7. | Mosela kou haar naels as sy ’n moeilike besluit moet maak. Wat sê hierdie gedrag oor haar gemoedstoestand? | 1 | 4 |
| 8. | Palesa sê hulle moet by mekaar bly – dit sal veiliger wees om almal saam te reis. Hoe sluit hierdie stelling aan by die wapen van Rodentia op bl. 6? | 2 | 3 |
| 9. | Verduidelik die uiteinde van die stemproses deur na drie groepe meerkatte te verwys. | 3 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 7) | [15] | |

# Hoofstuk 8

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Waar kom die musiek op bl. 69 vandaan? | 1 | 1 |
| 2. | Watter dier is besig om die trom te slaan? | 1 | 1 |
| 3. | Sireletsa word aangeval. Hoekom het Mosela nie net bodevoëls gestuur om hulp te gaan vra nie? | 2 | 2 |
| 4. | Wat dink jy is die doel van die smulhappies waarna Harold verwys? (Hoekom gee die kroegpadda dit vir hom?) | 2 | 3 |
| 5. | Waarom wil Baneet graag hê die Drie Koninkryke moet verenig word? (bl. 79) | 2 | 2 |
| 6. | Ditoro stem nie heeltemal saam met Baneet oor die vereniging van die koninkryke nie. Verduidelik hoe Ditoro se opinie van Baneet s’n verskil. | 2 | 3 |
| 7. | Moshesh glo daarin om sy vyande met deernis te behandel. Stem jy saam met hierdie oortuiging? Gee ’n rede vir jou antwoord. | 1 | 4 |
| 8. | Daar word gereeld verwys na Mosela se vrese – sy is bang vir ’n verskeidenheid dinge. Dink jy dit maak van haar ’n gepaste heldin vir die verhaal? Motiveer jou antwoord in twee volsinne. | 2 | 5 |
| 9. | Baneet en Mosela groet mekaar met die woorde ‘Vrede en kalmte’. Waarna dink jy verwys dit? (Sien bl. 72) | 2 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 8) | [15] | |

# Hoofstuk 9

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Oor wie dink jy droom Mosela op bl. 85? | 1 | 3 |
| 2. | Wat is die naam van die bergreeks waaroor Mosela en Harold vlieg? | 1 | 1 |

| | | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 3. | Watter diere het Mosela se besittings gesteel? | 1 | 1 |
| 4. | Hoekom, dink jy, was dit vir Mosela so moeilik om op Harold se rug te bly? (bl. 89) | 1 | 2 |
| 5. | Op bl. 89 – 91 beleef Mosela ’n mooi herinnering van haar pa. Watter morele waarde, dink jy, was haar pa besig om vir haar te leer? Bespreek ook waarom jy dink hierdie waarde belangrik is. | 2 | 3 |
| 6. | Mosela volg die verkleurmannetjie na Gundwane se grot en sien dat dit van kleur verander – eers koel kleure (blou en turkoois) en dan warmer kleure (geel en later rooi). Wat is die betekenis van die veranderende kleure? | 2 | 3 |
| 7. | Op bl. 94 verwys Gundwane na Mosela as die ‘protagonis’. Wat beteken hierdie woord? | 1 | 3 |
| 8. | Wat is “wesens van die noodlot” (bl. 95) en hoe lyk hulle? | 2 | 2 |
| 9. | Op bl. 96 praat Gundwane van neonligte. Wat sê dit vir die leser oor hom as ’n karakter in die konteks van hierdie verhaal? | 2 | 4 |
| 10. | Dink jy Gundwane is reg om teleurgesteld te wees dat Mosela nie die taal wat haar voorouers gepraat het, kan verstaan nie? Gee ’n goeie rede vir jou antwoord. | 1 | 5 |
| 11. | Wat is Mosela se lotsbestemming, volgens Gundwane? | 1 | 1 |
| | Totaal (Hoofstuk 9) | [15] | |

## Hoofstuk 10

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Hoekom het Khova op bl. 103 so woes rondgefladder? | 1 | 3 |
| 2. | Wat is Prof. Futhi se titel by Imfihlo Akademie? | 1 | 1 |
| 3. | Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.<br>Khova rol sy oë vir Prof. Futhi se lang tirade. | 1 | 1 |
| 4. | Sou jy sê dat Nandi ’n goeie leerling is? Gee TWEE redes vir jou antwoord. | 2 | 4 |
| 5. | Hoe lank is Khova al by die Akademie? (Bl. 107) | 1 | 2 |
| 6. | Verduidelik die effek van die Efemera-towerspel in jou eie woorde. | 3 | 3 |
| 7. | Watter woorde begin en eindig ’n Efemera-towerspel? | 2 | 2 |
| 8. | Nandi voel baie gefrustreerd as sy nie die towerspel so vinnig of goed regkry soos Khova nie. Kan jy jou hiermee vereenselwig? Motiveer jou antwoord. | 2 | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9. | Hoe verskil Khova se houding teenoor die reëls oor verbode vuurtowerkrag van dié van Nandi? | 4 | 3 |
| 10. | Wat is Khova se ma se naam? | 1 | 1 |
| 11. | Op bl. 117 sê Khova se ma dat twee dinge terselfdertyd waar kan wees. Som die twee redes waarom sy by Khova bly in jou eie woorde op. | 2 | 2 |
| | Totaal (Hoofstuk 10) | [20] | |

## Hoofstuk 11

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Wat is Khova se gunstelingding om uit vlamme te skep? Hoekom dink jy is dit sy gunsteling? | 3 | 1 |
| 2. | Waarom is dit belangrik dat Khova in ’n oop / leë ruimte oefen? | 2 | 3 |
| 3. | Lewer kritiese kommentaar op die sukses van die volgende vergelyking op bl. 122 “... eggo sy kreet wat die stilte van die oggend soos glas breek...” | 2 | 5 |
| 4. | Wat is die geheim vir Khova se eerste suksesvolle poging om die kersvlam te laat skiet? (Bl. 123) | 1 | 3 |
| 5. | Khova was baie gelukkig om die verspreiding van die vlamme te kon keer. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee ’n rede vir jou antwoord. | 1 | 4 |
| 6. | Hoe beweeg nie-Toweruile in die Imfihlo Akademie rond? (Bl. 124) | 1 | 1 |
| 7. | Wat leer die volgende aanhaling van Nothando vir die leser oor haar as karakter? “Ons kan sê jy het jouself by die huis seergemaak. Niemand hoef te weet nie!” | 1 | 3 |
| 8. | Wat is die ooreenkomste tussen die uitleg van Khova se klaskamer in die vorige hoofstuk en die koepelvormige gebou waarin die hospitaal is? | 2 | 2 |
| 9. | Khova vergelyk die verpleeguil se stem met die klank van eetgerei wat in ’n metaalbak gegooi word. Wat sê hierdie vergelyking vir die leser oor hom? | 2 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 11) | [15] | |

## Hoofstuk 12

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Khova kon homself nie keer nie. Hy wou so graag vuurtowerkrag beoefen, al was dit verbode. Nadat hy homself beseer het, het sy ma hom ook beveel om op te hou daarmee, maar hy het weer probeer. Watter karaktereienskap word hierdeur uitgebeeld? | 1 | 3 |
| 2. | Som Khova se vordering met vuurtowerkrag op, volgens bl. 129-130. | 3 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3. | Dink jy dat Nothando ’n goeie ma is? Motiveer jou antwoord. | 1 | 4 |
| 4. | Noem een rede waarom daar spanning tussen die Uilkoninkryk en die Muiskoninkryk is. | 1 | 1 |
| 5. | Hoe, dink jy, klink Nandi se stemtoon wanneer sy op bl. 133 sê: “O, jy hou *nogal* daarvan?” | 1 | 3 |
| 6. | Bespreek Impethu se waardeoordeel op bl. 133 krities. | 2 | 5 |
| 7. | Vergelyk Khova en Nandi se reaksies op Impethu en Bunghane se wrede woorde. | 4 | 3 |
| 8. | Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal twee aksies van Nandi aan om jou antwoord te bewys.<br>Nandi het romantiese gevoelens vir Khova. | 2 | 1 |
| | Totaal (Hoofstuk 12) | [15] | |

## Hoofstuk 13

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | 1.1. Hoekom dink Khova was Prof. Futhi by Khova se huis? | 1 | 1 |
| | 1.2. Is dit werklik waarom hy daar is? Motiveer jou antwoord. | 1 | 1 |
| 2. | Dink jy dit is ’n goeie idee vir Khova om na ’n bron van vuur te begin soek sodat hy op bl. 139 van Prof. Futhi af kan wegkom? Gee ’n rede vir jou antwoord. | 1 | 3 |
| 3. | Wat beteken die uitdrukking “... ek gaan nie doekies omdraai nie” op bl. 140? Gee ’n definisie en gebruik dit in ’n verklarende sin. | 2 | 2 |
| 4. | Bespreek moontlike voor- en nadele van Prof. Futhi se “ondersteuningskultuur”. | 2 | 4 |
| 5. | Wat beveel Prof. Futhi aan vir angstigheid? | 1 | 1 |
| 6. | Lewer kommentaar op die outeur se woordspeling (letterlike en figuurlike betekenis), wanneer hy sê dat Khova “koel en kalm” moet bly. (Bl. 142) | 2 | 5 |
| 7. | Vergelyk Prof. Futhi se houding met dié van Khova. | 4 | 3 |
| 8. | Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee ’n rede vir jou antwoord.<br>Nothando word by die Bhakabhaka-tronk aangehou. | 1 | 2 |
| 9. | Verduidelik die hoofoorsaak van Nothando se diefstal vanuit haar perspektief. | 3 | 3 |
| 10. | Som Khova se ontsnappingspoging in TWEE volsinne op. | 2 | 2 |
| | Totaal (Hoofstuk 13) | [20] | |

## Hoofstuk 14

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Hoekom, dink jy, sien Khova aan die begin van Hoofstuk 14 dinge wat nie bestaan nie? | 1 | 2 |
| 2. | Wie het vir Khova gered? | ½ x 2 = 1 | 1 |
| 3. | As hulle vra wat sy naam is, gee Khova 'n vals naam. Wat sou jy in 'n soortgelyke situasie gedoen het, en hoekom? | 1 | 5 |
| 4. | Verduidelik die ironie in die volgende stelling: "Net jou náám – nie jou lewensverhaal nie!" | 1 | 3 |
| 5. | Voorspel wat jy dink gaan gebeur nadat Khova in Gundwane se grot ingeval het. | 1 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 14) | [5] | |

## Hoofstuk 15

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | As gevolg van die manier waarop die verhaal vertel word, is daar sekere inligting wat die leser reeds verstaan, al verstaan die karakters dit nog nie. Waarna verwys "Reusemonsters" in Mosela se profesie? | 1 | 3 |
| 2. | Van wie praat Mosela wanneer sy vra: "..., maar is hy die uitverkorene?" (bl. 162) | 1 | 1 |
| 3. | Volgens Gundwane is daar nie iets soos toeval nie. Stem jy saam met hierdie opvatting? Motiveer jou antwoord. | 1 | 5 |
| 4. | Gundwane dring daarop aan dat hulle op die feite moet fokus. Hoekom is dit ironies dat hy so sê? | 2 | 3 |
| 5. | Wat dink jy word gesimboliseer wanneer die verkleurneon op bl. 163 in Mosela se skoot kom lê en daar aan die slaap raak? | 1 | 5 |
| 6. | Wat is Harold se bynaam vir Mosela? | 1 | 1 |
| 7. | Vergelyk Mosela en Khova se profesieë. | 2 | 2 |
| 8. | Voorspel die uiteinde van Mosela en Khova se reis. | 1 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 15) | [10] | |

## Hoofstuk 16

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Ovidivo word met 'n boot vergelyk. Noem DRIE faktore (volgens bl. 171) wat tot hierdie beeldspraak bydra. | 3 | 2 |
| 2. | Hoekom dink jy voel Mosela so ongemaklik op bl. 172? | 2 | 4 |
| 3. | Groot skares kan oorweldigend wees. Hoekom is dit, veral vir Mosela, waar? | 1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. | Hoe word Koning Renner deur sy woordkeuses gekarakteriseer? | 2 | 3 |
| 5. | Hoe is Koning Renner en Arora aan mekaar verwant? | 1 | 1 |
| 6. | Na wie verwys die koning op bl. 179 as hy sê: "…daardie versteurde ou rot"? | 1 | 3 |
| 7. | Waarom begin Mosela op bl. 180 aan haarself twyfel? | 2 | 3 |
| 8. | Na watter plek verwys die koning as hy op bl. 181 van "daardie verwaande ou uilskooltjie" praat? | 1 | 3 |
| 9. | Die koning is so kwaad dat hy vir Mosela en Khova tereg wil stel. Wat laat hom van plan verander? | 2 | 2 |
| | Totaal (Hoofstuk 16) | [15] | |

## Hoofstuk 17

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Wat wys Khova se aksies en stemtoon op bl. 184-185 vir die leser omtrent sy gemoedstoestand / emosies? | 2 | 3 |
| 2. | Hoekom, dink jy, is dit vir Mosela so belangrik dat die profesie waar moet wees? | 1 | 4 |
| 3. | Watter ooreenkomste is daar tussen die stede Ovidivo en Bhakabhaka? | 1 | 2 |
| 4. | Dink jy daar kom baie nie-vlieënde gaste by die Uilparlement aan? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 1 | 3 |
| 5. | Wie oortuig die koning op bl. 194 om vir Mosela te help? Watter soort uil is hy? | 2 | 1 |
| 6. | Hoekom is dit, volgens hierdie uil, belangrik dat hulle vir Mosela help? | 1 | 1 |
| 7. | Wie is Nandi? | 1 | 3 |
| 8. | Wat dink jy veroorsaak dat Khova op bl. 199-200 so kwaad is vir Mosela? | 2 | 1 |
| 9. | Khova was tot dusver nie in staat om sy towerkragte te gebruik om vuur te gooi nie. Verduidelik waarom hy skielik so magtig geword het dat hy dit wel kan doen? | 2 | 3 |
| 10. | Dink jy Mosela het bedoel om vir Khova dood te maak? Verduidelik jou antwoord. | 2 | 5 |
| | Totaal (Hoofstuk 17) | [15] | |

## Hoofstuk 18

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Stem jy saam met Bhalo se stelling op bl. 203 dat Mosela trots moet wees op haarself? Gee ’n rede vir jou antwoord. | 1 | 4 |
| 2. | Verduidelik wat jy dink Bhalo bedoel wanneer hy sê: “A, maar by nabetragting is dit soos om water te kry om te drink – wanneer jy besig is om in die see te verdink.” (Bl. 203) | 2 | 3 |
| 3. | Lys TWEE redes waarom Bhalo dink Mosela is eintlik die Uitverkorene. | 2 | 2 |
| 4. | Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee ’n rede vir jou antwoord.<br>Die profesie is oorspronklik in Meerkat(taal), maar dit is aanvanklik korrek na Gemeenskapstaal vertaal. | 1 | 1 |
| 5. | Hoe affekteer die idioom: ‘Hy het ’n kewer in sy kop.’ op bl. 205 jou verstaan van Gundwane as ’n karakter? | 1 | 3 |
| 6. | Wat is die Koning van Navia se naam? | 1 | 1 |
| 7. | Wie het vir Mosela geleer om te sê: ‘Ek is die beste in alles’? | 1 | 3 |
| 8. | Hoekom, dink jy, is die koning so onwillig om vir Mosela (iemand van Rodentia) te help. | 1 | 3 |
| 9. | Wat doen die groot skare buite die koning se binnehof? | 2 | 2 |
| 10. | Hoekom, dink jy, het Bhalo vir Mosela ’n skild opgetower? Sy kon dit mos self doen? | 1 | 3 |
| 11. | Dink jy dit is eties dat Bhalo dit laat lyk het asof Mosela towerkrag kon gebruik, as dit eintlik al die tyd hy was? | 2 | 4 |
| | Totaal (Hoofstuk 18) | [15] | |

## Hoofstuk 19

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Waaroor is Koning Renner so senuagtig? | 1 | 1 |
| 2. | Arora en Renner (en die stad Ovidivo) se name is almal palindrome (woorde wat heen en weer dieselfde gespel word). Hoekom, dink jy, is dit belangrik, gegewe die oortuigings en kultuur van die muise? | 2 | 3 |
| 3. | Wat is, volgens Koning Renner, die ongewone strategie wat die pikkewynweermag gebruik het? | 3 | 2 |
| 4. | Gee TWEE redes waarom Koning Renner se weermag minder magtig is as Kaptein Scraw s’n, al het Koning Renner meer soldate? | 2 | 3 |
| 5. | Dink jy Renner en Arora het ’n goeie verhouding? Gee ’n goeie rede vir jou antwoord. | 2 | 4 |
| | Totaal (Hoofstuk 19) | [10] | |

## Hoofstuk 20

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Wat word dit genoem wanneer iemand naar voel op / in ’n bewegende voertuig? | 1 | 3 |
| 2. | Som die redes op waarom Mosela en Bhalo voor die res van die weermag uitgaan na Ovidivo. Waarom wag hulle nie vir Koning Inesh nie? | 2 | 2 |
| 3. | Wat is een van die hoofvoordele (vir die kleiner diere) om oorlog te voer saam met ’n skilpad? | 1 | 3 |
| 4. | Stem jy saam met die volgende stelling? Haal ’n sin op bl. 226 aan om jou antwoord te bewys.<br>Mosela was so goed as moontlik voorbereid vir die geveg, ten spyte daarvan dat hulle so onlangs daarvan uitgevind het. | 1 | 1 |
| 5. | Dink jy Mosela is ’n natuurlike leier – dat leierskap vir haar maklik kom? Gee ’n rede uit bl. 225 vir jou antwoord. | 1 | 5 |
| 6. | Lewer kommentaar op die ironiese uitroepe van die soldate op bl. 227 (“Phibiiiiëëëëëëëë” en “Vir Naviaaaa!”) | 2 | 4 |
| 7. | Verduidelik hoekom die muiskaptein onderaan bl. 227 en aan die begin van bl. 228 so bang was. | 2 | 1 |
| 8. | Hoekom, dink jy, het die slang opgehou om vir Mosela te jaag? | 1 | 1 |
| 9. | Mosela verduidelik die towerkrag van die swaard op bl. 236 aan Harold. Hoekom, dink hy, probeer hy haar steeds verhoed om terug te gaan na die geveg? | 2 | 3 |
| 10. | Is die profesie van vroeër in die verhaal vervul? Gebruik die gebeure van Hoofstuk 20 om jou antwoord te lei. | 2 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 20) | [15] | |

## Hoofstuk 21 & Epiloog

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Verduidelik waarom Koning Renner dink dit gaan maklik wees om Kaptein Scraw se geheim te ontbloot? | 1 | 1 |
| 2. | Hoe het Mosela een van haar pa se belangrikste lesse: “*Jy gebruik geweld om oorloë te beëindig, jy gebruik goedhartigheid om die volgende oorlog te voorkom*” op haar huidige omstandighede toegepas? | 2 | 2 |
| 3. | Verduidelik die Koning Renner se huiwering om vir Mosela Koningin te maak. | 3 | 3 |
| 4. | Dink jy dit is gepas dat ’n dassie die pad na die gevangenes aanwys? Motiveer jou antwoord. | 2 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. | Watter skakels kan die leser in die teks raaksien in Hoofstuk 21 en Hoofstuk 1 (en ander gedeeltes in die roman) in terme van Mosela se self-twyfel. | 1 | 4 |
| 6. | Wie se stem hoor Mosela eerste wanneer die groot klip voor die ingang van die grot weggerol word? | 1 | 1 |
| 7. | Hoe sou jy voel as jy Mosela was wat by die grot instap en jou geliefdes weer sien? | 1 | 5 |
| 8. | Die Epiloog begin waar Mosela dieselfde doen as aan die begin van Hoofstuk 1. Wat, dink jy, is die funksie van hierdie herhaling? | 1 | 4 |
| 9. | Som maniere op waarop die Drie Koninkryke sedert die geveg verenig is. | 2 | 2 |
| 10. | Watter soort beeldspraak word gebruik wanneer Mosela se naarheid aan die einde van die roman 'kossies vir die visse' noem? | 1 | 3 |
| | Totaal (Hoofstuk 21 & Epiloog) | [15] | |



# AFDELING C: POST-LEES: KREATIEWE SKRYFPROJEK

## INLEIDING

Die fiktiewe wêreld waarbinne Mosela en die Drie Koninkryke afspeel, is deur die pragtige kulturele diversiteit van Suid-Afrika in die regte wêreld geïnspireer. In die roman spreek ’n paar karakters, insluitend Litelu en Gundwane, hul uit oor die feit dat kulturele diversiteit gerespekteer en gevier moet word en dat antieke tale bewaar moet word.

## FASE 1: FORMELE ASSESSERINGSTAAK 6: Deel 1: Navorsing (20 Punte)

Verbeel jou jy is ’n skrywer vir ’n reistydskrif. Jou redakteur vra jou om ’n artikel oor kultuurerfenis in Suid-Afrika te skryf. Doen navorsing wat verduidelik / bewys waarom jy dink Suid-Afrikaanse kulturele diversiteit gerespekteer en gevier moet word en antieke tale bewaar moet word. Jou navorsing kan oor enige kulturele gebruike in Suid-Afrika en/of oor enige Suid-Afrikaanse taal handel, wat jy dink gekoester, bewaar en gevier moet word. (Dit kan enige van die Amptelike Tale in Suid-Afrika wees of enige antieke taal wat met die geskiedenis van Suid-Afrika te make het.)

### Stap 1: Definieer jou navorsingsonderwerp

Definieer die hoofvraag / onderwerp van jou navorsing deur die volgende sin te voltooi:

Drie pragtige tradisies in Suid-Afrika wat bewaar en gevier moet word, is:

1) ____________________________________,
2) ___________________________________ en
3)_____________________________________,
omdat al drie hiervan____ ___________________
________________________________________
________________________________________.)

### Stap 2: Samel inligting in

Maak relevante inligting uit betroubare bronne bymekaar oor DRIE kulturele – / taalverwante tradisies wat jy dink bewaar en gevier moet word. Daar moet ’n duidelike verband tussen hierdie drie tradisies wees.


Moontlike bronne van betroubare inligting sluit in: koerantberigte, tydskrifartikels, sekere webtuistes en selfs onderhoude met relevante mense. Onthou dat nie alle inligting op die internet betroubaar is nie! Kyk uit vir bekende aanlyn publikasies, soos reistydskrifte (in hierdie geval) of aanlyn artikels waar die skrywer se naam en die datum waarop dit gepubliseer is, duidelik aangedui is. Vermy aanlyn-ensiklopedieë met anonieme skrywers of persoonlike blog-inskrywings waar enige iemand sommer enige iets kan skryf.

’n Goeie manier om te toets of ’n (internet)bron betroubaar is, is om vir jouself te vra: As enige van hierdie inligting onwaar is, wat sal die gevolge daarvan wees? As dit maar net negatiewe kommentaar of kritiese terugvoer op ’n individu se pos op die internet is, is dit heel moontlik nie ’n betroubare bron nie. ’n Betroubare bron moet verantwoordelik wees daarvoor dat die inligting wat hulle verskaf, waar en op datum bly. Skrywers wat inhoud vir hierdie soort bronne skryf, moet eerstens goeie navorsing doen voordat iets wat hulle skryf gepubliseer kan word, maar daar word ook van hulle verwag om inligting wat verkeerd of verouderd is, reg te maak en op te dateer.

### Stap 3: Organiseer inligting

Skep ’n breinkaart om die hoofpunte wat jy oor ELKEEN van jou gekose tradisies wil uitlig, te organiseer.

By voorbeeld:



## Stap 4: Som nagevorste feite in jou eie woorde op.

Gebruik die inligting wat jy in jou breinkaart georganiseer het (stap 3) om ’n paragraaf oor elke tradisie te skryf. Hierdie paragrawe moet gevorm word uit die inligting wat jy tydens stap 2 en 3 versamel het, maar dit moet in jou eie woorde oorgeskryf word.

## Stap 5: Skep ’n Bibliografie / Bronnelys

Nadat jy ten minste EEN betroubare bron vir ELK van jou gekose tradisies gevind het, moet jy ’n Bibliografie / Bronnelys vir jou artikel skep. Jy moet dus ’n minimum van DRIE bronne vir die projek in geheel hê. (As een van jou bronne twee of meer van jou tradisies bespreek, moet jy ander bronne soek wat hierdie inligting ondersteun / daarop uitbrei.) Hierdie Bibliografie gaan weer in FASE 2 (Artikel) gebruik word. Gebruik die onderstaande tabel om jou te help op ’n Bronnelys te skep.

Tradisionele (gedrukte) bronne:

| Outeur | Titel | Jaar | Uitgewer | Plek van publikasie |
|---|---|---|---|---|
| (Byvoorbeeld:) Calder, L. | Mosela en die Drie Koninkryke | 2023 | Human & Rousseau | Kaapstad |
| | | | | |
| | | | | |

Internetbronne:

| Outeur | Titel | Jaar | Beskikbaar by (URL): | Datum van toegang |
|---|---|---|---|---|
| (Bv.) Caulfield, J. | Reference a Website in Harvard Style \| Templates & Examples | 2020 | https://www.scribbr.co.uk/referencing/harvard-website-reference/ | Datum van toegang: 14 Julie 2025 |
| | | | | |
| | | | | |

Ander inligtingsbronne, soos onderhoude

| Naam van die persoon met wie die onderhoud gevoer is | Jaar wanneer die onderhoud gevoer is | Titel / onderwerp van die onderhoud | Onderhoud-voerder | Naam van publikasie waarin onderhoud gepubliseer is (indien wel) |
|---|---|---|---|---|
| (Bv.) Luke Calder | 2025 | Die belangrikheid van kulturele erfenis soos uitgedruk in Mosela en die Drie Koninkryke | (Jou naam) Zoë Calder | (N.V.T.) |
| | | | | |
| | | | | |

Lees ook deur die rubriek op bl. 33 wat gebruik gaan word om jou werk te assesseer.

# FASE 2: FORMELE ASSESSERINGSTAAK 6: Deel 2: SKRYFWERK: Artikel (30 Punte)


Gebruik die inligting wat jy tydens FASE 1 van hierdie projek ingesamel het en skryf daarmee ’n navorsingsverslag / artikel oor drie pragtige tradisies in Suid-Afrika wat bewaar en gevier moet word.

Hou die volgende in gedagte by die skryf van ’n navorsingsverslag (artikel):

’n Navorsingsverslag bestaan uit vier afdelings: die inleiding, die inhoud, die gevolgtrekking en ’n bronnelys (bibliografie).

- Die inleiding word gebruik om kortliks aan die leser te verduidelik waaroor die verslag handel. Dit is gewoonlik slegs een paragraaf waar die onderwerp en die belangrikheid daarvan aan die leser bekendgestel word. (Jy kan die definisie van jou navorsingsonderwerp (stap 1 van FASE 1) hiervoor aanpas.)
- Die inhoud van ’n navorsingsverslag is die kern daarvan. Dit is waar die belangrikste punte, argumente en relevante feite uiteengesit en breedvoerig bespreek word. Beplan egter die aantal woorde wat jy hiervoor gaan gebruik, baie goed. Onthou dat die oorgrote meerderheid van jou inligting in jou inhoud moet wees – hou dus die meerderheid woorde daarvoor. Die totale lengte van jou artikel, afhangend van jou graad, is 120 – 140 woorde (graad 7); 140 – 160 woorde (graad 8) en 160 – 180 woorde (graad 9).
- Die gevolgtrekking is ’n opsomming van dit wat in die artikel bespreek word en waarom dit vir die leser belangrik is. Dit versterk die hoofgedagte op ’n kort en maklik verstaanbare manier.
- ’n Bronnelys / Bibliografie gee erkenning aan die oorspronklike bronne waar die skrywer sy/haar inligting gekry het en so word plagiaat vermy. Dit stel die leser ook in staat om die volledige oorspronklike bronne te gaan lees, indien hulle sou wou.





Onthou om die stappe van prosesskryf te volg wanneer jy jou artikel beplan en skryf:

1. Beplan / maak ’n breinkaart van alles wat in jou skryfstuk gesê gaan word.
2. Skryf ’n eerste poging / rofwerk weergawe van jou artikel
3. Lees deur jou eerste poging en soek dele wat verbeter kan word.
4. Redigeer jou eerste poging.
5. Proeflees weer al jou veranderinge
6. Skryf ’n finale poging.

Lees ook deur die rubriek op bl. 34 wat gebruik gaan word om jou werk te assesseer.

# FASE 3: FORMELE ASSESSERINGSTAAK 7:
## Mondelinge Aanbieding (20 Punte)

Beplan, skryf en lewer ’n toespraak oor die drie pragtige Suid-Afrikaanse tradisies wat jy gekies het wat jy graag wil bewaar en vier.

Maak toespraak kaartjies wat jy tydens jou toespraak kan gebruik, maar wees baie versigtig om nie die hele toespraak daarvan af te lees nie.

Ontwerp ook ’n kort digitale aanbieding (met PowerPoint of ’n soortgelyke program) OF ontwerp ’n plakkaat met visuele inligting wat kan help om jou toespraak meer boeiend te maak vir die gehoor. NEEM KENNIS: Hierdie visuele hulpmiddels moenie te veel geskrewe inligting bevat nie. Jou toespraak bly die hoofbron van inligting – die visuele hulpmiddels is bloot daar om die gehoor se belangstelling te behou. Dit moet meestal uit prente of grafieke bestaan. Jou Bibliografie kan op die laaste skyfie van jou aanbieding OF agterop jou plakkaat bygevoeg word, OF jy kan jou bronne mondelings in jou toespraak noem, maar dit is baie belangrik om erkenning daarvoor te gee.

Onthou asb. die volgende tydens jou toespraak: hou oogkontak met die gehoor, gebruik goeie postuur / lyftaal, praat stadig en hoorbaar en gebruik natuurlike (hand)gebare en ’n natuurlike stemtoon. Aan die einde van jou toespraak kan jy gerus geleentheid gee vir die gehoor om vrae te vra of kommentaar te lewer. Wanneer jy in die gehoor sit en vrae vra of kommentaar lewer, is dit baie belangrik om altyd respek en sensitiwiteit te toon teenoor almal in die klaskamer se regte en opinies / gevoelens.

Lees ook deur die rubriek op bl. 35 wat gebruik gaan word om jou werk te assesseer.



FORMELE ASSESSERINGSTAAK 6: Kreatiewe Skryfprojek:

Fase 1: NAVORSING (20 Punte)

<table>
<tr><td>Kriteria</td><td colspan="2">5-6</td><td colspan="2">3-4</td><td colspan="2">1-2</td></tr>
<tr><td>Relevansie van inligting<br>(Stap 1-2)<br>/6</td><td colspan="2">Navorsings-onderwerp (hoofvraag) baie duidelik gedefinieer. Hoë gehalte, baie relevante inligting is ingesamel. Leerder het meer as genoeg inligting om met Fase 2 voort te gaan.</td><td colspan="2">Navorsings-onderwerp (hoofvraag) duidelik genoeg gedefinieer. Gepaste, meestal relevante inligting is ingesamel. Leerder het genoeg / amper genoeg inligting om voort te gaan met Fase 2.</td><td colspan="2">Navorsings-onderwerp (hoofvraag) onduidelik / onvoldoende gedefinieer. Irrelevante / te min inligting is ingesamel. Leerder moet verder navorsing doen om met Fase 2 voort te kan gaan.</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="3">3-4</td><td colspan="3">1-2</td></tr>
<tr><td>Organisering van inligting<br>(Stap 3)<br>/4</td><td colspan="3">Goeie tot uitstekende organisering van inligting. Logiese struktuur / raamwerk. Inligting dek alle (of meeste) aspekte van die onderwerp.</td><td colspan="3">Gemiddelde tot swak organisering van inligting. Gebrek aan logiese struktuur / raamwerk. Inligting dek te min aspekte van die onderwerp.</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="2">5-6</td><td colspan="2">3-4</td><td colspan="2">1-2</td></tr>
<tr><td>Dokumentering van relevante inligting<br>(Stap 4)<br>/6</td><td colspan="2">Inligting is in uitstekeende paragrawe en heeltemal in leerder se eie woorde neergeskryf.</td><td colspan="2">Inligting is in bevredigende paragrawe en meestal in leerder se eie woorde neergeskryf.</td><td colspan="2">Inligting is in swak paragrawe neergeskryf en leerder het groot gedeeltes van die oorspronlike teks net so gebruik.</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="3">3-4</td><td colspan="3">1-2</td></tr>
<tr><td>Verskeidenheid en betroubaarheid van bronne<br>(Stap 5) /4</td><td colspan="3">3 of meer (hoogs) relevante en gepaste bronne is gebruik. Bronnelys is heeltemal (of grotendeels) korrek.</td><td colspan="3">Te min / irrelevante / ongepaste bronne is gebruik. Bronnelys is grotendeels (of heeltemal) foutief of ontbreek heeltemal.</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td colspan="6">/20</td></tr>
</table>

FORMELE ASSESSERINGSTAAK 6: Kreatiewe Skryfprojek: Fase 2: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK (Artikel) (30 Punte)

| Kriteria | Vlak 7<br>(80-100%)<br>12 – 15 | Vlak 6<br>(70 – 79%)<br>11 | Vlak 5<br>(60-69%)<br>9 – 10 | Vlak 4<br>(50-59%)<br>8 | Vlak 3<br>(40-49%)<br>6 – 7 | Vlak 2<br>(30-39%)<br>5 | Vlak 1<br>(0-29%)<br>0 – 4 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT<br>/15 | Uitstekende kennis van teksvereistes. Inligting ondersteun die sentrale idee (wat heeltemal duidelik is) op 'n hoogs effektiewe wyse. Uitstekend beplan. Uiters doelgerig en heeltemal koherent. | Baie goeie kennis van teksvereistes. Inligting ondersteun die sentrale idee (wat baie duidelik is) op 'n baie effektiewe wyse. Baie goed beplan. Baie goeie doelgerigtheid en koherensie. | Goeie kennis van teksvereistes. Inligting ondersteun die sentrale idee (wat redelik duidelik is) op 'n bevredigende wyse. Redelike beplanning is duidelik. Inligting word op 'n redelik doelgerigte en koherente wyse aangebied. | Voldoende kennis van teksvereistes. Inligting ondersteun tot 'n mate die sentrale idee (wat meestal duidelik is). Voldoende beplanning is duidelik. Daar is tekens van doelgerigtheid en koherensie, maar leerder wyk soms af. | Onvoldoende kennis van teksvereistes. Sommige inligting ondersteun die sentrale idee (wat vaag is). Onvoldoende beplanning. Skryfwerk is soms vaag / wyk gereeld van die onderwerp af. | Baie min kennis van teksvereistes. Inligting ondersteun meestal nie die sentrale idee (wat baie vaag is) nie. Groot gebrek aan voldoende beplanning. Skryfwerk is baie onsamehangend en wyk meestal van onderwerp af. | Geen kennis van teksvereistes. Inligting ondersteun glad nie die sentrale idee nie. Sentrale idee is heeltemal onduidelik. Algehele gebrek aan beplanning. Skryfwerk is totaal onsamehangend en/ of wyk heeltemal van onderwerp af. |
| | Vlak 7<br>(80-100%)<br>8 – 10 | Vlak 6<br>(70 – 79%)<br>7 | Vlak 5<br>(60-69%)<br>6 | Vlak 4<br>(50-59%)<br>5 | Vlak 3<br>(40-49%)<br>4 | Vlak 2<br>(30-39%)<br>3 | Vlak 1<br>(0-29%)<br>0 – 2 |
| TAAL, STYL & REDIGERING<br>/10 | Fantastiese teks. Geen (of byna geen) foute na goeie proeflees/redigering. Deurlopende akkurate gebruik van indrukwekkende woordeskat en punktuasie. Styl en toon (register) hoogs gepas. | Baie bekwame teks. Meestal foutvry na proeflees / redigering. Goeie gebruik van gepaste woordeskat en punktuasie. Styl en toon (register) gepas. | Goed geskryfde teks. Sommige foute kom voor na redelik effektiewe proeflees / redigering. Meestal voldoende gebruik van woordeskat en punktuasie. Styl en toon (register) meestal gepas. | Voldoende teks. 'n Redelike groot hoeveelheid foute kom voor na meestal oneffektiewe proeflees / redigering. Styl en toon (register) soms gepas. | Meestal onvoldoende teks. Baie foute kom voor – te min effektiewe proeflees / redigering. Basiese taal- en leestekengebruik. Styl en toon (register) meermale ongepas. | Swak teks. Baie foute kom voor na totaal onvoldoende proeflees / redigering. Taal- en leestekengebruik onvoldoende. Baie basiese woordeskat. Styl en toon (register) byna oral onvanpas. | Baie swak teks. Taal- en leestekengebruik ernstig gebrekkig. Algehele gebrek aan gepaste woordeskat. Styl en toon (register) totaal onvanpas. |
| | Vlak 7<br>(80-100%)<br>4 – 5 | Vlak 5<br>(60%)<br>3 | Vlak 3<br>(40%)<br>2 | Vlak 1<br>(0-20%)<br>0-1 | | | |
| STRUKTUUR<br>/5 | Uiters goed gestruktureerde sinne en paragrawe – variasie in lengte. Idees word baie goed uitgedruk en is perfek / baie goed georganiseer. | Sinne en paragrawe meestal voldoende gestruktureer – sommige variase in lengte. Voldoende organisasie. Redelike vloei van idees. logically and are decently organised. | Sommige sinne is ongemaklik gestruktureer – betekenis effens onduidelik. Daar is 'n poging om in paragrawe te skryf, maar idees is nie voldoende georganiseer nie. | Swak sinstruktuur. Min tot geen paragraaf-organisasie. Idees is ongeorganiseerd en baie moeilik om te volg. . | | | |
| TOTAAL: | /30 | | | | | | |

FORMELE ASSESSERINGSTAAK 7: Kreatiewe Skryfprojek: Fase 3: MONDELINGE AANBIEDEING (20 Punte)

| Kriteria | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD /5 | Uitsonderlike beplanning en voorbereiding. Baie duidelike en logiese aanbieding. Duidelike verwysing na relevante bronne. Uitsonderlik doelgerigte en effektiewe aanbieding van inhoud. | Gedetailleerde beplanning en voorbereiding is duidelik. Duidelike en logiese aanbieding. Verwysing na relevante bronne. Doelgerigte en effektiewe aanbieding van inhoud. | Beplanning en 'n mate van voorbereiding is duidelik. Aanbieding voldoende logies. Leerder verwys na sommige relevante bronne. Doel van aanbieding is meestal duidelik. | Onvoldoende beplanning en voorbereiding. Min melding van relevante bronne word gemaak. Doel van aanbieding is nie altyd duidelik nie. | Geen bewyse van beplanning/voorbereiding nie. Geen verwysing na relevante bronne nie. Heeltemal onvoldoende aanbieding van inhoud. |
| MONDELINGE AANBIEDINGS-VAARDIGHEDE /5 | Uitstekende oogkontak dwarsdeur die aanbieding. Baie gepaste styl/register. Uitsonderlike gebruik van toon, stemprojeksie, volume, tempo en frasering. Uitsonderlike nie-verbale kommunikasie (gebare en lyftaal). | Baie goeie oogkontak dwarsdeur die aanbieding. Geskikte styl/register. Goeie gebruik van toon, stemprojeksie, volume, tempo en frasering. Goeie nie-verbale kommunikasie (gebare en lyftaal). | Handhaaf goeie oogkontak, maar toon 'n paar tekortkominge. Meestal gepaste styl/register. Meestal effektiewe gebruik van toon, stemprojeksie, tempo en frasering. Voldoende nie-verbale kommunikasie (gebare en lyftaal). | Gebrekkige oogkontak. Styl/register ietwat geskik. Baie min gebruik van effektiewe toon, stemprojeksie, tempo en/of frasering. Nie-verbale kommunikasie ondersteun nie die aanbieding nie. | Sukkel om oogkontak te behou. Onvanpaste styl/register. Gebrek aan effektiewe gebruik van toon, stemprojeksie, tempo en/of frasering. Lyftaal en gebare is óf heeltemal afwesig óf trek gehoor se aandag af van die aanbieding. |
| ORGANISERING (Inleiding, inhoud, slot) /5 | Voortreflike organisasie. Navorsingsbevindings word baie duidelik aangebied. Baie duidelike skakel tussen verskillende afdelings van die inhoud. | Goed georganiseerde inhoud. Navorsings-bevindinge word duidelik aangebied. Duidelike skakel tussen verskillende afdelings. | Voldoende inhoudsorganisering. Navorsingsbevindings ondersteun soms die res van die inhoud. Sommige skakels tussen verskillende afdelings. | Inhoud het nie 'n duidelike struktuur nie. Die verband tussen bevindinge ontbreek / word nie duidelik aangebied nie. | Swak struktuur. Geen bewyse van navorsingsbevindings of 'n skakel tussen verskillende afdelings van die inhoud nie. |
| GEBRUIK VAN HULPBRONNE / VERWYSINGS-MATERIAAL /5 | Uitstekende gebruik van relevante visuele hulpmiddels wat die algehele sukses van die aanbieding verbeter. Baie effektiewe gebruik van mondelingkaartjies. | Goeie gebruik van relevante visuele hulpmiddels wat meestal bydra tot die algehele sukses van die aanbieding. Goeie gebruik van mondeling-kaartjies. | Visuele hulpmiddels is óf te gedetailleerd óf nie gedetailleerd genoeg nie en lei aandag van die aanbieding af, wat die algehele sukses benadeel. Leerder lees dikwels af. | Oneffektiewe gebruik van visuele hulpmiddels wat die algehele sukses van die aanbieding negatief beïnvloed. Leerder lees baie gereeld af. | Totale gebrek aan funksionele visuele hulpmiddels. Leerder lees uitsluitlik van mondelingkaartjies af. |
| Totaal: | /20 | | | | |

# MEMORANDUM

## Afdeling B: Post-lees Kontekstuele vrae

### Proloog

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Kaapse Verraaier | 1 | 1 |
| 2. | Kaptein Scraw is baie sarkasties.<br>Hy het nie respek vir sy bemanning nie en verkleineer hulle.<br>Hy kom ook narsisisties voor (hy dink hy kan niks verkeerd doen nie).<br>ENIGE TWEE van bogenoemde of ander relevante eienskappe. | 2 | 5 |
| 3. | Pikkewyne lyk almal dieselfde. | 1 | 3 |
| 4. | ’n Slang | 1 | 1 |
| 5. | Die bemanning hardloop chaoties / gespanne rond,<br>maar Kaptein Scraw bly kalm en vol selfvertroue. | 2 | 2 |
| 6. | Nee, dit skep die verwagting dat dit bloot die kaart van die bekende wêreld is. Daar is nog dele van die wêreld wat verken moet word en wat moontlik ’n effek op die roman kan hê. | 1 | 3 |
| 7. | Die woordspeling impliseer dat die outeur oral waar moontlik woorde gebruik het wat diere sal gebruik as hulle oor hulself sou praat. ’n pikkewyn sal byvoorbeeld nie van sy vingerpunte praat nie, want pikkewyne het nie vingerpunte nie. Hierdie taalgebruik antropomorfiseer die karakters. | 1 | 3 |
| 8. | Die swaard het een of ander towerkrag oor die slang / dit beheer die slang / dit maak dat die slang moet doen wat Scraw wil hê hy moet doen. Scraw gaan die swaard gebruik om die slange as wapens te gebruik. | 1 | 3 |

### Hoofstuk 1

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Omdat dit die enigste wolkie in die lug is – dit is amper asof die wolkie haar uittart, aangesien dit definitief nie reën gaan bring nie. Dit wys vir ons hoe skaars reën in daardie gebied (of seisoen) is. | 1 | 3 |
| 2. | Nee. As sy haar hele lewe al moes water rantsoeneer, sou dit vir haar normaal gewees het. Sy sou nie van beter geweet het nie.<br>Sy verlang na ’n tyd waar dit nie nodig was nie, dus het sy al sulke tye geken. | 2 | 3 |
| 3. | eindelose / aanhoudende / voortdurende | 1 | 2 |
| 4. | Die enkele wolkie word met ’n seilboot vergelyk.<br>Die groot, leë lug word dus met die wye oseaan vergelyk.<br>Dit voel vir Mosela asof die wolkie niks omgee oor haar bestaan nie, anders sou dit in meer wolke verander / reën gebring het. | 3 | 2 |
| 5. | Lefika | 1 | 1 |
| 6. | Lefika | 1 | 1 |
| 7. | Mosela moet baie leer oor Vlootnavigasie en -kommunikasie. Sy is die dogter van ’n diplomaat en sy ontvang tuisonderrig. Sy dink dat dit wat sy moet leer, irrelevant en nutteloos is vir haar toekoms. Sy is ook eensaam en sy voel sy mis uit op skoolervaringe saam met haar vriende. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Lefika, aan die ander kant, is altyd besig om te leer hoe om te veg. Hy dink dit is uitputtend en vervelig. | 4 x ½ = 2 | 4 |
| 8. | JA / NEE en leerder se eie gemotiveerde antwoord. | 1 | 5 |
| 9. | Mosela sien dat daar baie tyd verbygegaan het. Sy besef sy is laat en dit maak dat sy vinnig terughardloop huis toe om haar ma te gaan help. | 3 | 3 |

## Hoofstuk 2

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Moshesh & Litelu | 2 | 2 |
| 2. | Al noem hierdie hoofstuk vir die leser dat Sireletsa ver van Ovidivo (die hoofstad) af is, is dit baie duideliker te siene op die kaart. Die leser kry ook op die kaart ’n baie beter idee van hoe geïsoleerd Sireletsa werklik is. Dit maak dat Sireletsa kwesbaar is, omdat dit gedurende ’n krisis, baie lank sal vat vir enige militêre hulp om daar uit te kom. | 3 | 3 |
| 3. | Meerkatte is baie oplettend en kan goed waghou – hulle kan gevaar van ver af sien kom. Meerkatte is ook baie goed daarmee om tonnels te grawe – dit kan hulle help om vinnig te ontsnap. | 2 | 1 |
| 4. | Dit is ironies dat Moshesh so hard gewerk het om ’n lewe vir sy dogter te skep, maar dat Mosela dit nie waardeer nie, omdat daardie veilige lewe vir haar vervelig is. | 2 | 2 |
| 5. | 5.1. Litelu glo dat verskillende kulture mekaar se tradisies moet respekteer omdat dit beter samewerking tussen hulle sal bewerkstellig. | 1 | 3 |
| | 5.2. Ja. Diversiteit maak samelewings sterker. Verskillende kulture behoort by mekaar te leer. Dit is deel van ons basiese Menseregte dat ons kulture gerespekteer moet word. | 1 | 4 |
| 6. | Gebraaide skerpioen. Die skrywer gebruik ’n uitsteltegniek / dit is die laaste dis wat sy noem, amper asof haar gedagtes daar vashaak / asof sy die beste vir laaste gehou het. | 2 | 2 |
| 7. | Dinawa is ongeduldig en dit irriteer hom as diere net rondstaan terwyl daar belangrike werk in die kombuis is om te doen. | 2 | 3 |
| 8. | Daar is ’n effense skeiding tussen Mosela se familie en die res van die gemeenskap, soos daar baie maal is met leiers, maar die ouer meerkat terg haar eintlik net en bedoel nie regtig iets ernstigs daarmee nie. | 2 | 3 |
| 9. | Mosela is trots en hardwerkend, maar dit wys ook dat sy ’n bietjie onseker van haarself is – asof sy haarself moet bewys. Dit maak vir haar saak wat ander van haar dink. (Enige EEN) | 1 | 4 |
| 10. | Litelu probeer vir Mosela leer om ander diere te respekteer en by hulle te leer. Dassies ken die berge die beste omdat dit hul natuurlike habitat is; hulle moet elke dag slim en rats deur die berge beweeg. | 1 | 5 |
| 11. | JA / NEE met ’n goeie, konteks-gepaste motivering. | 1 | 5 |

## Hoofstuk 3

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Dit is ironies dat die koningin iets so alledaags soos "Tyd om te eet, nè" sal sê, juis omdat sy 'n koningin is. Die leser het verwag dat sy meer formele of verhewe taal sou gebruik, maar sy doen juis die teenoorgestelde. Die leser verwag ook dat sy iets dieper / meer waardig / betekenisvol sal sê na die toweragtige gebeure van die vorige hoofstuk, maar sy maak asof dit niks snaaks is nie, asof sulke dinge elke dag gebeur. | 2 | 4 |
| 2. | vars moerbeie<br>neute<br>gebraaide termiete<br>vet, sappige ruspes met gekaramelliseerde uie en brandrissiesous<br>perfek gebraaide skerpioensosaties in 'n taai heuningsous<br>(ENIGE DRIE) | 3 | 1 |
| 3. | Die meerkatte het te lekker feesgevier<br>en die musiek was te hard. | 2 | 3 |
| 4. | Leerder se eie, konteks gebaseerde antwoord.. | 1 | 5 |
| 5. | Moshesh (Mosela se pa) | 1 | 1 |
| 6. | belangrikheid, intensiteit | 1 | 2 |
| 7. | Mosela het baie boekkennis as dit by noodhulp kom, maar min praktiese ervaring.<br>Sy is nog jonk en die realiteit van die situasie is oorweldigend.<br>(2 punte)<br>Mamma Pula is ouer en het meer lewenservaring,<br>so sy besef dat Mosela nie weet hoe om die situasie te hanteer nie, en sy neem oor. (2 punte) | 4 | 3 |
| 8. | Die seerowers is besig om hul katapulte en reuseslange voor te berei om die dorpie daarmee aan te val. | 2 | 1 |
| 9. | Sy wil nie hê die ander diere moet dink sy is swak terwyl iemand anders se lewe in gevaar is nie. Sy weet dat dit net 'n mors van tyd sal wees om te huil – dit sal nie die soldaat help nie. Haar ma is besig met iets baie belangriks en kan haar nie op daardie oomblik troos nie. (Enige 2) | 2 | 3 |
| 10. | Dit beklemtoon die spoed waarteen sy val en dit beeld daardie oomblik baie duidelik vanuit haar perspektief (oogpunt) uit. | 2 | 3 |
| 11. | Die Suidelike muur het ineengestort en die slange het deurgebreek.<br>Elke grasdak was aan die brand en elke gebou was platgeslaan.<br>Almal was vasgevang. | 3 | 2 |
| 12. | Die beeld van 'n brandende pyl is baie gepas, omdat alles rondom Mosela aan die brand is en dit is ook 'n goeie uitbeelding van die stemming (chaos en verwoesting) aan die einde van die hoofstuk. | 2 | 4 |

## Hoofstuk 4

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | "Slosj, slosj, slosj."(EEN punt vir korrekte aanhaling + EEN punt vir aanhalingstekens) | 2 | 1 |
| 2. | Die pikkewyn se pote is letterlik eelterig – die vel daarop is grof en dus gevoelloos / minder sensitief.<br>Dit sluit aan by die figuurlike betekenis van sy gevoellose treë – hy wys geen simpatie nie en tree wreed en koudhartig op. | 2 | 3 |
| 3. | Die lig kom van die brandende hutte rondom hulle af. | 1 | 1 |
| 4. | Morabaraba | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. | Nee. Scraw het nie respek vir die koalas nie. Hy kies bloot om hulle nie seer te maak nie, omdat hy hulle nodig het om sy plan uit te voer. | 1 | 4 |
| 6. | Hy is selfsugtig en koud omdat hy geen empatie met hul lyding het nie. Hy het bloot 'n kopseer omdat hulle gehuil hom irriteer, nie omdat hy hulle jammer kry nie. | 1 | 3 |
| 7. | Scraw sukkel soms om die koalas te verstaan. Hulle kom van 'n verre land. Dit wys vir die leser dat daar nog dele van die wêreld (ruimte) in die roman is wat nog onbekend is. | 1 | 5 |
| 8. | Dit is ironies dat hulle nou wens dat die reën wil ophou, omdat hulle dit daardie selfde oggend so desperaat nodig gehad het. Dit is tragies dat die reën waarna hulle diep gesmag het, hulle nou ongemaklik / benoud maak. | 2 | 3 |
| 9. | Moferefere | 1 | 1 |
| 10. | Lefika is baie aggressief en dink dat hy alleen teen Vlerkie kan baklei.<br>Mosela wil eerder die regte tyd afwag en keer dat hulle vir Vlerkie nog kwater maak. | 2 | 2 |
| 11. | Lefika / Mosela. EN Leerder se eie, konteks gebaseerde motivering. | 1 | 5 |

## Hoofstuk 5

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Dit is nie realisties nie. Sy sou in totale skok wees en sou nie so vinnig aan 'n rasionele plan kon dink nie. Sy sou te getraumatiseerd / hartseer gewees het / ens.<br>OF: Dit is realisties. Dit is 'n veg-of-vlug situasie. Sy het definitief nog nie haar vriend se dood verwerk nie, maar die gevaar van die situasie skep 'n sin vir dringendheid. | 2 | 4 |
| 2. | 1) Stamp die lantern om.<br>2) Dit sal die gemorste teer aan die brand steek. .<br>3) Die vlamme sal deur die tou brand en dan is hulle vry. | 3 | 2 |
| 3. | Pik | 1 | 1 |
| 4. | Leerder se eie, konteks gebaseerde antwoord. | 1 | 5 |
| 5. | Die meerkatte sou nie kon ontsnap nie,<br>omdat daar dan heeltemal te veel vyande sou wees. | 2 | 3 |
| 6. | Drie: meerkatte, pikkewyne en koalas. | 1 | 2 |
| 7. | roer | 1 | 1 |
| 8. | Mosela dink haar ontsnappingsplan goed deur en wanneer sy dit nie dadelik regkry om die lantern om te stamp nie, probeer sy weer. Dit wys dat sy vasberade is en koel en kalm kan bly. (2 punte)<br><br>Vlerkie raak paniekerig as hy die vuur sien. Wanneer die meerkatte ontsnap, kan hy nie aan 'n plan-B dink nie.<br>Hy is oor die algemeen impulsief en tree uit woede op sonder om mooi daaroor te dink. (2 punte) | 4 | 3 |

## Hoofstuk 6

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Die Suiderkruis. | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2. | Mosela ervaar post-traumatiese stres. Sy herleef Lefika en Vlerkie se dood in haar gedagtes en dit maak dat sy sukkel om te slaap. Sy probeer ook haar aksies regverdig, of sy probeer ten minste agterkom of sy die regte ding gedoen het. (Enige TWEE feite) | 2 | 4 |
| 3. | Mosela kan nie verby die gedagte dat Lefika dood is, kom nie. Dit word vergelyk met die water van ’n gevriesde rivier, wat ook nie kan beweeg / verbygaan nie. Mosela kan nie reguit dink nie – hierdie gedagte keer dat enige ander gedagtes kan vloei. | 2 | 3 |
| 4. | Mosela & Palesa | 2 | 1 |
| 5. | Die ander jong meerkatte het grappies gemaak en humor gebruik om hul aandag af te trek van die situasie. Mosela kon dit nie verstaan nie. Dit het vir haar baie vreemd gevoel om te lag, na wat gebeur het. | 1 | 2 |
| 6. | Dit beteken dat dit die middel van die dag (middag) is. Die sonne skyn op hul helderste / warmste. | 1 | 3 |
| 7. | Die lui geselsies van die ander meerkatte. Dit het haar aandag net genoeg afgetrek sodat sy kon ophou om die verskriklike dinge wat die vorige dag gebeur het, te herleef. | 2 | 1 |
| 8. | Katibaberg | 1 | 1 |
| 9. | Mosela is die heldin. Sy is trots en wil graag ’n goeie leier wees, maar sy voel vinnig / maklik skuldig en bang oor die keuses wat sy maak en die impak daarvan op die ander karakters. (Sy is bang sy lei hulle in ’n verkeerde rigting – letterlik en figuurlik.) | 2 | 3 |
| 10. | Leerder se eie, gemotiveerde antwoord. | 1 | 5 |

## Hoofstuk 7

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | “... teen die einde van Rooi Uur...”<br>Dit was laatmiddag / vroegaand. (Rooi Uur is wanneer die sonne sak.) | 1 | 3 |
| 2. | ONWAAR. “en het ’n groot, tandlose glimlag.” | 1 | 2 |
| 3. | Sy was uitgeput omdat sy die afgelope dae baie hard gewerk het. En sy was baie honger (hulle het dae laas geëet). | 2 | 1 |
| 4. | Vuursteen | 1 | 1 |
| 5. | ’n Goeie ete en lekker geselskap. | 2 | 1 |
| 6. | Leerder se eie keuse PLUS ’n konteks gebaseerde motivering. | 2 | 5 |
| 7. | Dit wys dat Mosela op haar senuwees / angstig / gespanne is. | 1 | 4 |
| 8. | Palesa sê: “Ons is veiliger in ’n groep.” Die slagspreuk onder die Rodentiaanse wapen is: “Mag in simmetrie.” Beide hierdie sinne dui een van die grootste sterkpunte van die meerkat samelewing aan: die feit dat hulle goed saamwerk / mekaar beskerm / enige ander soortgelyke antwoord. | 2 | 3 |
| 9. | Die eerste groep bestaan uit drie meerkatte wat eers na die dorpie wil gaan.<br>Die tweede groep het gewen. Daar was vyf meerkatte wat gestem het om eers na die uitkykpunt te gaan.<br>Die laaste groep bestaan net uit Moferefere. Hy het nie eintlik gestem nie – hy was besig om sand te eet. | 3 | 3 |

## Hoofstuk 8

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Die musiek kom van die kroegpadda se taverne bo-op die koppie. | 1 | 1 |
| 2. | ’n Haas | 1 | 1 |
| 3. | Die bodetoring is vernietig en die voëls het almal weggevlieg. | 2 | 2 |
| 4. | Die kroegpadda gebruik die smulhappies as belonings wanneer Harold die regte ding doen. Hy gebruik dit om vir Harold gewensde gedrag aan te leer. | 2 | 3 |
| 5. | Hy glo dat al die sinnelose gestryery tussen die koninkryke ’n mors van tyd is. Hy dink ook dat hulle saam soveel meer kan bereik omdat hulle dan die verskillende sterkpunte van elke koninkryk kan kombineer. | 2 | 2 |
| 6. | Ditoro glo dat daar net een ware koning is en hy is baie kwaad vir die pikkewyne omdat hulle sy vriend vermoor het. Hy sal nooit saam met hulle kan werk nie. | 2 | 3 |
| 7. | JA / NEE met leerder se eie konteks gebaseerde motivering. | 1 | 4 |
| 8. | Ja, Mosela is ’n gepaste heldin vir die roman. Helde het ook, soos ons almal, foute / uitdagings, maar die feit dat hulle bo daardie uitdagings kan uitstyg / goeie keuses maak ten spyte van hul foute, is juis wat hulle helde maak. Helde stel ook ander karakters se belange eerste en Mosela doen dit gereeld. | 2 | 5 |
| 9. | Dit kan moontlik verwys na die laaste reël in die liedjie wat die diere in die kroeg sing: ‘vrede vir die Koninklike Drie. (Dit staan ook op die kompas onder aan die kaart van Rodentia.) | 2 | 3 |

## Hoofstuk 9

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Die leser vind later uit dat Gundwane die plomperige rot met die kewermasker op sy kop is. Mosela het van hom gedroom. | 1 | 3 |
| 2. | Die Sontahaberge | 1 | 1 |
| 3. | Blouapies | 1 | 1 |
| 4. | Die apies het haar saal gesteel. / Harold se vere was nat. / Harold het baie vinnig beweeg. | 1 | 2 |
| 5. | Haar pa het haar probeer leer hoe belangrik dit is om nie sleg van jouself te praat nie. ’n Mens se gedagtes en jou standpunte / perspektief is baie kragtig – dit het ’n impak op jou lewe. As jy positief dink, kan dit nie anders as om ander aspekte van jou lewe positief te beïnvloed nie. | 2 | 3 |
| 6. | Die verkleurmannetjie wys vir haar hoe ver sy van haar bestemming af is - hoe nader sy kom, hoe warmer raak die kleure. | 1 | 3 |
| 7. | ’n Protagonis is die hoofkarakter / held(in) van ’n verhaal. | 1 | 3 |
| 8. | ’n Wese van die noodlot is ’n helder, gloeiende verkleurmannetjie wat jou na jou noodlot lei. | 2 | 2 |
| 9. | Dit beteken moontlik dat hy óf die toekoms kan sien óf dat hy in staat is daartoe om deur tyd en ruimte na ander wêrelde (insluitend ons s’n) te reis. | 2 | 4 |
| 10. | JA / NEE met leerders se eie motivering. | 1 | 5 |
| 11. | Haar lotsbestemming is om die toekomstige koning van Rodentia te vind. | 1 | 1 |

## Hoofstuk 10

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Hy was laat vir klas. | 1 | 3 |
| 2. | Prof. Futhi is die onderhoof. | 1 | 1 |
| 3. | ONWAAR – Hy wou, want hy was baie geïrriteerd, maar uile kan nie hul oë rol nie. | 1 | 1 |
| 4. | Ja. Nandi is voorbereid vir die les (as die klas begin, het sy reeds haar notaboek gereed). Sy skryf ook netjies. | 2 | 4 |
| 5. | Omtrent 'n jaar – dit is die tweede jaar wat hy daar is. | 1 | 2 |
| 6. | 'n Efemera towerspel maak dat iemand towerkrag op sigself kan vorm / manipuleer / beheer. (1 punt)<br>Dit kan vir 'n verskeidenheid moontlikhede gebruik word – die gebruiker kan stoorplek, tydelike ledemate, skilde, wapens, ens. daarmee skep. (2 punte) | 3 | 3 |
| 7. | 1. Qhamuka en 2. Fiphala | 2 | 2 |
| 8. | JA – Sy is so 'n goeie leerling dat dit vanselfsprekend frustrerend vir haar sal wees as sy so hard leer, maar nie praktiese take regkry nie.<br>OF NEE – Nandi terg sommer net vir Khova – sy ken sy sterkpunte (en haar eie) en sy weet dat sy dit ook met tyd en oefening sal regrky. | 2 | 5 |
| 9. | Khova sien nie die punt van daardie reëls in nie. Hy vind vuurtowerkrag fassinerend en dink net aan die gevoel van mag wat dit vir hom gee – nie aan die gevaar daarvan nie.<br><br>Nandi dink logies daaraan. Sy sê die reëls bestaan vir 'n rede en dat dit beslis sin maak en nagevolg moet word. Die gevaar van vuurtowerkrag vir voëls wat in 'n houtstad woon, is vir haar ooglopend. | 4 | 3 |
| 10. | Nothando | 1 | 1 |
| 11. | Sy wou na Khova omsien en hom beskerm.<br>Sy wou nie alleen wees nie. | 2 | 2 |

## Hoofstuk 11

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | 'n Slang. (1 punt)<br>Die slang is vir Khova maklik / lekker om te beheer en hy hou daarvan om die slang in die kaggel te laat dans (2 punte). | 3 | 1 |
| 2. | Hy weet nog nie heeltemal wat hy doen nie / hy leer nog en hy kan maklik 'n veldbrand veroorsaak – dit is baie gevaarlik. | 2 | 3 |
| 3. | Khova is besig met iets baie gevaarliks. Hierdie vergelyking beklemtoon die gevaar, omdat stukkende glas ook gevaarlik is – dit kan iemand sny / seermaak en daar is min goeds / positiefs wat daarmee gedoen kan word. Dit illustreer ook die intensiteit van sy skreeu. | 2 | 5 |
| 4. | Woede / Om sy humeur te verloor. | 1 | 3 |
| 5. | JA – dit kon soveel erger gewees het en hy het geen waarborg gehad dat sy poging om die vlamme in te perk, sou werk nie.<br>OF NEE – dit was slim van hom om planne te maak om die vlamme te beheer; hy het sy kennis en verstand gebruik, dit was nie blote geluk nie. | 1 | 4 |
| 6. | Deur gebruik te maak van 'n soort hysbak-stelsel wat deur toue en katrolle beheer word. | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. | Sy jok gereeld / sy is gewoond aan oneerlikheid / om te lieg, kom maklik / natuurlik vir haar. | 1 | 3 |
| 8. | Die sitplekke in die klaskamer is in ’n sirkel rondom die onderwyser se tafel gerangskik en die beddens in die hospitaal staan ook in ’n sirkelvormige posisie rondom die verpleeguil. | 2 | 2 |
| 9. | Khova is nogal sensitief – veral vir irriterende klanke en mense / gebeure wat sy trots bedreig.<br>Khova is ook kort van draad en word maklik geïrriteerd. | 2 | 3 |

## Hoofstuk 12

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Khova is baie gedetermineerd, hardkoppig en ambisieus. | 1 | 3 |
| 2. | Hy het nou baie meer beheer oor die vlamme. (1 punt)<br>Dit kan gesien word in die besonderhede wat op die slang se lyf sigbaar is en in die slang se gewilligheid om Khova se instruksies uit te voer. (2 punte) | 3 | 2 |
| 3. | JA – sy geniet dit om haar seun te versorg en sy wil net die beste vir hom hê.<br>OF NEE – sy is oorbeskermend, tog keer sy nie dat Khova gevaarlike dinge doen nie. Sy bederf hom vreeslik en leer hom om oneerlik te wees. | 1 | 4 |
| 4. | Ongelyke handelsooreenkomste uit die verlede. | 1 | 1 |
| 5. | Sy sê dit sarkasties / grappig. Sy terg vir Khova. | 1 | 3 |
| 6. | Impethu is seksisties wanneer hy dit sê. Hy probeer om sy vooroordele oor mannetjies- en wyfieuile en hul rolle op ander karakters af te dwing. Wanneer Nandi sy argument probeer bevraagteken, sluit hy haar uit die gesprek uit, bloot omdat sy ’n wyfie is. | 2 | 5 |
| 7. | Eers probeer Nandi met hulle redeneer en dan probeer sy keer dat Khova hulle seermaak. Sy probeer die vrede bewaar. (2 punte)<br>Khova is dadelik baie kwaad. Hy fokus net op sy woede en wraak en op die kragtige gevoel wat die towerkrag hom gee. (2 punte) | 4 | 3 |
| 8. | WAAR. “...om ’n hartjie op sy skouerverband te teken...” En “Hoe kon jy dit doen? Ons toekoms so in die gevaar stel?” | 2 | 1 |

## Hoofstuk 13

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | 1.1. Om hom te arresteer of om vir hom sy straf te gee omdat hy vuurtowerkrag gebruik het.<br>1.2. NEE – Prof. Futhi wou praat oor wat met Nothando gebeur het. | 1<br>1 | 1<br>1 |
| 2. | JA – Khova is baie goed met vuurtowerkrag en om dit te gebruik is moontlik die enigste manier hoe hy weg kan kom.<br>OF NEE – Hy is reeds in baie moeilikheid omdat hy vuurtowerkrag gebruik het en dit sal net nog pyn en verwoesting veroorsaak. | 1 | 3 |
| 3. | Om die waarheid te praat, sonder enige ekstra / onnodige inligting.<br>“Ek wil nie doekies omdraai nie, ek wil vir jou die volle waarheid vertel.” | 2 | 2 |
| 4. | Leerder se eie gemotiveerde antwoord. Dit is belangrik dat beide kante van die argument in ag geneem word. Prof. Futhi bedoel dit goed en hy wil graag help. Miskien is hy reg? As klein items wat | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | gesteel word, iemand help om na hul familie se basiese behoeftes om te sien, is dit dalk nie die einde van die wêreld nie (in die groter prentjie). MAAR, soos in hierdie geval, gebeur dit dan wanneer iemand oneerlik is met klein dinge, hulle ook makliker oneerlik is oor groter / belangriker sake. | 2 | 4 |
| 5. | Rooibostee | 1 | 1 |
| 6. | Om koel en kalm te bly, beteken om jou humeur te beteuel. Khova se vuurtowerkrag word deur sy woede aangevuur, so dit word letterlik en figuurlik warmer as hy kwaad word. | 2 | 5 |
| 7. | Prof. Futhi probeer kalm bly. Hy wil dinge graag volgens die reëls en volgens sy eie morele waardes hanteer. (2 punte) Khova is verskriklik kwaad en reaktief. Hy is besig om baie ontstellende inligting in ’n kort tyd te probeer verwerk. Hy is seker dat Prof. Futhi lieg oor sy ma se misdaad en hy kan nie sy humeur in toom hou nie. (2 punte) | 4 | 3 |
| 8. | ONWAAR – Sy word in ’n sel by die Akademie aangehou. Sy sou eers die volgende dag na Bhakabhaka tronk gestuur word. | 1 | 2 |
| 9. | Nothando het arm grootgeword. Al wat sy wou doen is om vir Khova ’n beter lewe te gee as wat sy gehad het. Sy wou ook Khova se talente koester en vir hom elke moontlike geleentheid gee om hulle te ontgin. | 3 | 3 |
| 10. | Khova het die skare se aandag afgetrek deur te maak asof hy nie weet wat aangaan nie en toe by die gebou uitbeweeg. Daarna het hy die ontploffing op die brug gebruik om te midde van die chaos ongesiens te ontsnap. | 2 | 2 |

## Hoofstuk 14

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Hy het ’n infeksie gekry a.g.v. die beserings aan sy vlerk en die koors het hom waansinnig gemaak. | 1 | 2 |
| 2. | Boer Juan en Oupa Gollie | ½ x 2 = 1 | 1 |
| 3. | Leerder se eie, konteks gebaseerde antwoord. | 1 | 5 |
| 4. | Dit is ironies omdat hy vir Khova so ’n lang beskrywing van homself gee. | 1 | 3 |
| 5. | Leerder se eie, konteks gebaseerde antwoord. | 1 | 3 |

## Hoofstuk 15

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Dit verwys na die slange wat Kaptein Scraw gebruik het om Mosela se dorpie aan te val. | 1 | 3 |
| 2. | Khova | 1 | 1 |
| 3. | JA / NEE en leerder se eie konteks gebaseerde motivering. | 1 | 5 |
| 4. | Dit is ironies omdat hulle besig is om “feite” oor Khova te raai. Mosela is reg, dit kan heeltemal toevallig wees dat hy by die grot ingeval het net toe hulle besig was om die profesie te bestudeer. Totdat Khova wakker word, kan hulle geen “feite” ken nie. (Enige 2 feite) | 2 | 3 |
| 5. | Dit simboliseer dat sy op die regte pad is / dat sy haar noodlot sal bereik / vervul. | 1 | 5 |
| 6. | ‘Sela | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. | Mosela se profesie is in Ou Meerkattaal en Khova s'n is in gemeenskapstaal. (1 punt)<br>Mosela se profesie is ook redelik vaag en onduidelik, waar Khova s'n reguit en voor-die-hand-liggend voorkom. (1 punt) | 2 | 2 |
| 8. | Leerder se eie konteks gebaseerde antwoord. | 1 | 3 |

## Hoofstuk 16

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Die stad word met 'n seilboot vergelyk.<br>Die beeld van die see agter die stad, laat dit lyk asof die stad op die water dryf<br>en die torings wat uitsteek lyk soos lang maste van 'n boot. | 3 | 2 |
| 2. | Sy het nie daarvan gehou dat 'n vreemdeling aan haar vat nie.<br>Miskien het sy skuldig gevoel, omdat Khova se towerkragte as 'n wapen beskou kon word, so hulle was eintlik besig om 'n gevaarlike wapen in die stad in te vat.<br>OF enige ander twee, konteks gebaseerde redes. | 2 | 4 |
| 3. | Sy is nie gewoond daaraan om tussen so baie ander diere te loop nie. Dit laat haar klein voel. | 1 | 4 |
| 4. | Sy oorbodige taalgebruik laat hom klink asof hy dink dat hy beter as / verhewe bo ander diere is. | 2 | 3 |
| 5. | Hulle is broer en suster. | 1 | 1 |
| 6. | Gundwane die rot | 1 | 3 |
| 7. | Mosela het so ver gekom en sy staan daar op Gundwane se advies, maar die manier waarop die koning hom beskryf, laat haar wonder of vir Gundwane kan vertrou en of hy by sy volle positiewe is.<br>Sy sukkel ook om die koning te oortuig, omdat sy self nie 100% seker is dat Khova wel die Uitverkorene is nie. | 2 | 3 |
| 8. | Imfihlo Akademie, die skool vir toweruile. | 1 | 3 |
| 9. | Mosela het begin huil en hy het haar jammer gekry.<br>Hy het ook besef dat Moshesh haar pa is, 'n meerkat wat so baie vir Rodentia gedoen het. | 2 | 2 |

## Hoofstuk 17

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Khova voel baie geïrriteerd en gefrustreerd en hy raak ongeduldig. Hulle kon nie die koning oorreed om hulle te help nie en hy voel die reis was 'n mors van tyd. | 2 | 3 |
| 2. | Haar familie en gemeenskap is in gevaar en as die profesie waar is, sal Khova die Drie Koninkryke verenig en hulle kan die Pikkewyne oorwin en haar familie red. | 1 | 4 |
| 3. | Beide is ingewikkeld, skouspelagtig en die hoofstede van hul lande. | 1 | 2 |
| 4. | NEE – die wag beveel Mosela om op 'n dwarshout te sit en wag – dit is iets wat net voëls doen. | 1 | 3 |
| 5. | Bhalo, die reuseooruil | 2 | 1 |
| 6. | Bhalo neem profesieë baie ernstig op. Hy waarsku dat daar baie lesse uit die geskiedenis te leer is oor die nagevolge daarvan om dit nie te volg nie. | 1 | 1 |
| 7. | Sy was Khova se beste vriendin by die toweruilskool. | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8. | Hy blameer haar vir sy ma se dood. Hy dink hulle sou haar kon red as Mosela nie sy tyd so gemors het deur hulp by die koning(s) te gaan vra nie. | 2 | 1 |
| 9. | Khova se vuurtowerkrag reageer op sy emosies. Sy krag is sterker omdat hy kwater is as wat hy nog ooit was. | 2 | 3 |
| 10. | Nee, dit was selfverdediging. Sy het bloot die vuurbal van haarself af probeer wegbeweeg; sy het glad nie vir Khova gemik nie. | 2 | 5 |

## Hoofstuk 18

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | JA – Sy het indrukwekkende towervermoëns en -vaardighede; sy het Bhalo se lewe gered en sy het bloot uit selfverdediging opgetree / sy het die enigste goeie ding gedoen wat sy in 'n aaklige situasie kon doen.<br>OF NEE – 'n mens moet nooit trots wees op aksies wat iemand se dood veroorsaak het nie, ongeag die omstandighede. | 1 | 4 |
| 2. | Hy sê dat 'n mens maklik agterna kan weet wat die perfekte ding was om te doen, maar dat dit niks help om daaroor te tob nie. 'n Mens kan nie met daardie insig teruggaan in tyd en enige iets verander nie. Wysheid wat jy na 'n probleem bekom, kan tel as insig, maar dit is te laat om dit op daardie spesifieke probleem toe te pas. | 2 | 3 |
| 3. | Haar storie pas by die profesie – sy was daar as getuie toe haar huis verwoes is, en is dus so daar weggejaag (gedwing om te vlug). Sy wys ook goeie leierseienskappe. | 2 | 2 |
| 4. | ONWAAR – daar was 'n vertalingsfout. Daar is nie 'n woord vir hy of sy in Meerkattaal nie, net 'n derdepersoon voornaamwoord. | 1 | 1 |
| 5. | Die idioom beteken dat iemand mal is. Die feit dat Bhalo vir Gundwane mal noem, laat die leser aan sy geloofwaardigheid twyfel. | 1 | 3 |
| 6. | Koning Inesh | 1 | 1 |
| 7. | Haar pa / Moshesh | 1 | 3 |
| 8. | Rodentia en Navia is vir jare lank al vyande. | 1 | 3 |
| 9. | Die nuus van Mosela se geveg met Khova het baie vinnig versprei en nou wil almal weet of sy die beroemde / legendariese Uitverkorene is. | 2 | 2 |
| 10. | Mosela het pas eers towerkrag begin leer / miskien is sy uitgeput van die bietjie towerkrag wat sy vroeër gebruik het of haar emosies kan moontlik haar vermoëns beïnvloed. (Enige 1) | 1 | 3 |
| 11. | JA – Die feit dat Bhalo haar help kan moontlik later haar selfvertroue versterk.<br>OF NEE – Bhalo moes gesê het dat dit hy was / Mosela moet leer om self te kan toor. | 2 | 4 |

## Hoofstuk 19

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Die geveg gaan binnekort begin / Scraw is weermag kom al hoe nader. | 1 | 1 |
| 2. | Die muise glo in orde en simmetrie. Dit is amper die bron van hulle krag / sterkte. Dit maak sin dat hulle name ook op 'n manier simmetries is. | 2 | 3 |
| 3. | Die slange seil oor die mure en omring die dorpie. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | ’n Gedeelte van die muur word deur katapulte verwoes. Scraw kom dan die dorpie binne en neem dit vir homself. | 3 | 2 |
| 4. | Kaptein Scraw het die reuseslange aan sy kant. Die katapulte maak dit moeilik / gevaarlik om in groot groepe te beweeg. | 2 | 3 |
| 5. | JA of NEE met leerder se eie, konteks gebaseerde rede. | 2 | 4 |

## Hoofstuk 20

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | See-siekte (of reissiekte) | 1 | 3 |
| 2. | Hulle wil tyd spaar deur vooruit te gaan op ’n vinnige skilp, sodat hulle solank die Rodentiaanse weermag kan waarsku en die plan met hulle kan deel terwyl Koning Inesh die res van die weermag gereedkry. | 2 | 2 |
| 3. | Die skilpad vorm ’n groot, bewegende skild. Baie soldate kan agter hom wegkruip, maar hulle kan steeds beweeg om verder te veg. | 1 | 3 |
| 4. | Ja, “Sy het ligte wapenrusting en ’n klein dolk by ’n bemanningslid geleen.” | 1 | 1 |
| 5. | Ja, sy kan vinnig planne maak – sy analiseer die situasie waar die muise sukkel om teen die slang te baklei, en weet presies wat om te doen om te help. Sy kommunikeer ook duidelik en effektief en die ander diere luister na haar bevele. | 1 | 5 |
| 6. | Die diere is so gewoond daaraan om slegs vir hul eie individuele lande te veg; hulle is patrioties (trots op hul lande), maar dit is ironies, want die enigste manier waarop hulle die pikkewynaanvalle gaan oorleef, is as al die koninkryke saamstaan. | 2 | 4 |
| 7. | Hy het gedink dat die Fibiërs en Naviërs op hom en sy soldate afstorm; hy het nog nie geweet dat hulle aan dieselfde kant veg nie. | 2 | 1 |
| 8. | Weens hulle ligging in die woud, kon die slang nie meer die geluid van Kaptein Scraw se swaard hoor nie, so hy was nie meer onder die swaard se towerkrag nie. | 1 | 1 |
| 9. | Harold het al een keer vir Mosela verloor en hy wil net seker maak dit gebeur nie weer nie / hy wil haar veilig hou. Harold is ook nie die slimste dier nie. Dit is moontlik dat hy die hele towerswaard ding nog nie heeltemal verstaan nie. | 2 | 3 |
| 10. | Ja, Mosela bewys oor en oor dat sy ’n goeie leier is. Sy is die een wat op die ou einde die drie konings oorreed om die Koninkryke te verenig en saam oorwin hulle dan die pikkewyne, soos die profesie voorspel het. | 2 | 3 |

## Hoofstuk 21

| | Vraag | Punte | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | Hy dink so ’n geheim is te groot dat niemand anders daarvan kan weet nie. Daar is sekerlik byvoorbeeld ten minste wagte wat weet waar die gevangenes aangehou word. | 1 | 1 |
| 2. | Mosela versoek dat die pikkewyngevangenes vrygelaat word en dat hulle toegelaat word om tussen die ander diere te woon, onder streng toesig, natuurlik. | 2 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Deur hulle te vergewe en by die samelewing in te sluit, kan die gele gemeenskap moontlik versterk word. | | |
| 3. | Hy is baie trots daarop dat hy die koning is en wil nie sy mag laat gaan nie.<br>Hy dink dit gaan chaos veroorsaak as die koninkryk so haastig / vinnig van leierskap verander.<br>(Mosela is ook te jonk en onervare.) | 2 | 3 |
| 4. | JA – die gevangenes word in ’n grot in die berge aangehou en dassies is ervare klimmers. Die dassie spring rats van klip tot klip – asof dit niks is nie. | 2 | 3 |
| 5. | Telkens wanneer Mosela bang of ongemaklik of onbekwaam voel, gebruik sy die frase: “Meerkatte is nie gemaak om (wat ook al sy voor bang is te doen) nie” In hierdie geval: Meerkatte is nie gemaak om berge uit te klim nie. | 1 | 4 |
| 6. | Haar ma s’n. | 1 | 1 |
| 7. | Dankbaar, verlig, opgewonde of enige ander positiewe emosie wat binne die konteks gepas is. | 1 | 5 |
| 8. | Dit bind die roman saam as ’n eenheid / dit skep kohesie. | 1 | 4 |
| 9. | ’n Vredesverbond is onderteken.<br>Vervaagde grense het gemaak dat diere van verskillende spesies al hoe meer meng en tussen mekaar lewe. | 2 | 2 |
| 10. | Eufemisme | 1 | 3 |